

Ja, Here, ek is vas oortuig
dat U die Messias is. Joh. 11:27



Inhoudsopgawe

Inleiding	4
Hoofstuk 1 - Die “JA van geloof”	7
Proses van vyf ja’s.....	8
Slot	19
Hoofstuk 2 - Die “JA van volg”	20
1.Om jouself te bekeer	23
2.Om jouself te laat doop.....	26
3.Om jou geloof te ontwikkel.....	30
4.Om die Heilige Gees te ontvang, vrug voort te bring en die gawes te gebruik.....	34
5.Om in die Woord te bly	44
6.Om gereeld te bid	51
7.Om ‘n goeie rentmeester te wees	55
8.Om te lewe in die lig van die oordeel	63
9.Om te strewe na die opstanding.....	66
10.Om handoplegging te beoefen	68
Slot	71

Hoofstuk 3 - Die “JA van gaan”	72
Outoriteit	73
Wat is gesag of outoriteit?	74
Waarnatoe stuur Jesus jou?	76
Hoe manifesteer jy jou geestelike mag of outoriteit?	76
Benadering	77
Proses	83
Slot	84
Bronnelys	85

Inleiding

Elke mens in die wêreld wil sekerlik lewe, oorvloed, guns en die teenwoordigheid van God ervaar. Hierdie is die plan en doel van die Here vir die gelowige soos dit duidelik word in Paulus se woorde: “Wat geen oog gesien het; wat geen oor gehoor het; wat in niemand se hart opgekom het nie, dit het God voorberei vir hulle wat Hom liefhet.”¹ Hierdie belofte behoort elke Christen opgewonde te maak oor die toekoms en te motiveer om die skrif noukeurig te ondersoek om te sien hoe hulle die belofte deel van hul lewe kan maak. Die sleutel tot die deur van God se seën is die woordjie “ja”. Hierdie klein woordjie is waarskynlik ook die belangrikste woord in die Nuwe Testament. Paulus sê dat God “Ja” gesê het aan die wêreld se hulpkreet na verlossing en dit onomkeerbaar verander: “In Hom het God se “ja” plaasgevind, want al die baie beloftes van God in Christus Jesus is ’n volmondige “ja”.² God het ja gesê vir die wêreld, Jesus, het **JA** gesê vir God die Vader en al wat dit van jou vra om ’n oorvloedige lewe te ervaar is ’n **JA**. Dit is, wat die deur van voorsiening in jou lewens ontsluit.

Twee van die kragtigste woorde in enige taal is JA en NEE. Dit skep letterlik twee verskillende en letterlik opponerende realiteite. Om “JA” te sê, rig jou gedagtes, geloof en optrede in ’n rigting terwyl NEE jou uitsluit van die potensiaal daarvan. Ja is ’n uitdrukking van intensie en voorkeur en is die begin en ontvouing van ’n nuwe realiteit in jou lewe. Dit veroorsaak uiteindelik ’n beweging, wat skep, deure oopmaak en impliseer verandering. Elke mens wat asemhaal kan ’n “ja” gebruik om hulle bestemming te wysig, in enige uitdaging meer te wees en meer te bereik as wat moontlik is. Daar kan opgemerk word dat sekere tale en kulture nie ’n spesifieke ja of nee het nie, as ’n kulturele fenomeen. In Japan en Thailand byvoorbeeld is dit swak maniere om direk te wees en

¹ 1 Kor.2.9,NLV

² 2 Kor. 1:19-20,NLV

word dubbelsinnigheid as iets prysenswaardig in hul kultuur beskou. Kommunikasievaardigheid in dié lande beteken dat mense moet leer om tussen die lyne te lees. Dan is daar ook lande soos Indië en Sjina waar die woord “ja” verskeie betekenisse beskik. Dit kan byvoorbeeld beteken: Ek hoor jou, maar ek verstaan jou nie, maar is nie nou gereed om dit te erken nie. Ek erken dat ek jou versoek gehoor het; Ek erken jou status; Ek sê ja om beleefd teenoor jou te wees; Ek sal dit doen as iets anders wat meer belangrik is nie opduik nie.

Dit is daarom belangrik om die “JA” te spesifiseer. In die konteks van dié boek beteken dit instemming, ooreenkoms, positiewe bevestiging en ’n vaste besluit. In die Nuwe Testament is daar ’n verhaal van ’n vrou genaamd Martha, waarvan Johannes in sy Evangelie skryf. Martha ontmoet Jesus op ’n slegte tyd en plek in haar lewe. Jesus daag haar toe uit om nie na haar situasie en omstandighede te kyk nie, maar om te vertrou op God se plan en voorsiening. Jesus het nie na ’n dubbelsinnige antwoord tussen die lyne gesoek nie en vra daarom ’n pertinente en reguit vraag; “Glo jy dit?”.³ Martha het Jesus geantwoord: ⁴“Ja, Here, ek glo”. Hierdie “ja” het Martha se lewe transformeer.⁵ Wanneer jy ’n “ja” reg gebruik word dit ’n krag wat jou lewe in ’n nuwe wentelbaan plaas wat jou verhoudings laat groei, jou omstandighede oorkom en kragtige dinge in jou lewe laat gebeur.

Hierdie boek gaan jou help om die woord “JA” as ’n sleutel te gebruik wat lei tot die beste van God. Hierdie boek word saamgevat in die verhale van drie mense wat **JA** gesê het en in die grootheid en voorsiening van die Vader in beweeg het. Dit begin met die ‘JA van geloof’ deurdat ’n persoon Jesus Christus aanneem in sy/haar lewe. Die tweede is ‘JA ek volg’ waarin ’n persoon Jesus in voorbeeld en lering volg

³ Joh.11:26

⁴ Joh. 11:27

⁵ Joh. 11:27 “Sy antwoord Hom: Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.”

en dan laastens die 'JA ek gaan' deurdat 'n persoon positief reageer op die uitnodiging ten opsigte van die groot opdrag.⁶ Dit neem mense op 'n goddelike reis na 'n lewe van vervulling. Hierdie is deel van 'n proses wat jou leer hoe om 'n 'JA' te gebruik, sodat jou lewe 'n wêreld kan verander en 'n stad kan beïnvloed.

⁶ Mat.28:19

Hoofstuk 1 - Die “JA van geloof”

Die “Ja van geloof” fokus in op elke persoon wat die goeie nuus van Jesus Christus se liefde hoor en die belangrikste besluit van hulle lewe neem. Al het God “ja” gesê, en Jesus ingestem het om aan ’n kruis te sterwe, en opgestaan het uit die dood, beteken dit niks voordat die mens nie “Ja Here” sê nie.⁷ Volgens die Evangelie van Johannes besoek Jesus die huis van Martha en Maria na aanleiding van ’n berig wat Jesus ontvang het dat Lasarus, hulle broer, baie siek is. Hy daag uiteindelik eers op toe Lasarus reeds gesterwe en begrawe is. Martha ontmoet Hom buite die huis waar sy haar teleurstelling uitspreek, omdat Jesus te laat opgedaag het. Jesus, spreek hierdie skynbare onomkeerbare desperate situasie aan met geloof en hoop deurdat Hy verklaar dat dit nooit te laat is nie, omdat Hy die een is wat die opstanding en die lewe is, en daag haar uit met ’n vraag of sy dit glo. Jesus, was op soek na ’n ja van geloof want hierin het daar redding gelê. Martha het toe geantwoord: “Ja, Here, ek glo...” Uiteindelik het die vrou se “JA, HERE” die gevolg gehad dat baie mense tot inkeer gekom het: “En baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die woord van die vrou wat getuig het: Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.”⁸ Volgens oorlewering het Martha na die hemelvaart van Jesus, gaan woon in Avignon, hedendaagse Frankryk, waar haar lewe en geloof gemeenskappe transformeer het. Die doel van die hoofstuk is om jou persoon te begelei tot op die plek waarin jy ’n “Ja van geloof” gee. Vir die doeleindes is daar ’n definitiewe benadering en proses om dit te verkry.

Wanneer ’n persoon die “JA” van geloof gebruik word die mens gered, hulle bestemming verander en word God se krag in hulle lewens ontsluit.

⁷ Johannes 3:18

⁸ Joh.4:39

Proses van vyf ja's

Die “JA kaartjie” is ’n kragtige stuk gereedschap om jou te begelei om te verstaan wat die “Ja van geloof” behels. Die “Ja, Here” gaan oor geloof! Maar dit is nie ’n ongekwalfiseerde geloof nie. Paulus maak dit duidelik: “As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word”.⁹ Op die agterkant van die kaartjie is die vyf stellings wat jou hierin begelei. Redding kom omdat jy “Ja” sê op die belangrike waarhede met betrekking tot Jesus, dit glo en deel maak van jou bestaan. Geloof in God se liefde, die belydenis dat God nodig is in jou lewe, dat Jesus die redder is, ’n erkenning van die heerskappy van Jesus en die bewustheid dat jy deur wedergeboorte nou aan God se familie, die kerk, behoort.

a. Ja, ek weet dat God my lief het.

Die skrif is baie duidelik dat Jesus na die wêreld toe gekom het omdat God jou liefhet. Johannes, die skrywer van die vierde Evangelie, som dit kragtig op: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”¹⁰

Die verhaal van God se liefde sien ons reeds in die begin van die Bybel raak. God het die mens geskape na sy eie beeld en Hy het dit met sorg gedoen “En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ’n lewende siel geword.”¹¹ Daar was ’n intieme verhouding tussen die mens en God deurdat God met die mens gewandel het in die tuin¹² en

⁹ Rom.10:9

¹⁰ Joh.3:16

¹¹ Gen.2:7

¹² Gen.3:8

hom aangestel het om oor sy skepping te heers.¹³ Deur die voorkoms van sonde en omdat Adam en Eva oortree het teen God se wet deur van die boom te eet, het daar 'n skeiding en afstand gekom in die verhouding. Ons noem hierdie gebeurtenis die sondeval. Dit het veroorsaak dat alle mense in die geskiedenis van Adam en Eva af 'n gebroke verhouding met God ervaar. Paulus vertel van die verskriklike gevolg van die oortreding: “Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het”.¹⁴ God maak dadelik 'n belofte bekend dat Hy vanuit die nageslag van die vrou 'n redder sal oprig wat hierdie gebroke verhouding sal herstel.¹⁵ Die res van die Ou Testament is die verhaal van God se verlossingsplan sodat die mens gered kan word van die verskriklike gevolg van sonde en die verhouding tussen God en mens herstel kan word. God het Homself verneder deur die vorm van 'n mens aan te neem om ons te verlos maar sekerlik is die hoogtepunt van God se liefde Jesus se kruisiging.¹⁶ Jesus se werk aan die kruis was onmiskenbaar die betoning van God se liefde vir jou en dit onverdiend.¹⁷ Daardeur leer jy God se liefde waarlik ken: “Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.”¹⁸

- God se liefde is 'n volmaakte liefde.

Ons verwysingspunt vir liefde is wat ons in ons eie lewens ervaar wat in 'n sekere sin 'n onvolkome, beperkte en selfs gebroke vorm van liefde is. God se liefde is, volgens Johannes, volmaak en dit beteken 'n allesomvattende liefde, sonder enige voorwaardes en letterlik meer as wat ons met ons menslike verstand kan verstaan: “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die

¹³ Gen.1:28

¹⁴ Rom. 5:12

¹⁵ Gen.3:15; Rom. 5:15

¹⁶ Fil.2:5-11

¹⁷ Rom. 5:6-8

¹⁸ 1Joh.3:16

vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.”¹⁹

- Dit is ’n opofferende liefde

Dit is in ’n sekere sin maklik om liefde te bewys wanneer dit niks van jou vra nie of min kos. Ware volmaakte liefde kom teen die geweldige prys van opoffering en oorgawe. Dit was die prys wat God bereid was om te betaal deur Jesus Christus aan die wêreld te gee en dit was die offer wat Jesus bereid was om te bring deur Homself oor te gee aan die kruis: “...dat Hy sy eniggebore Seun gegee het...”²⁰

- God se liefde is voordelig vir ons lewe.

God het ons so baie lief dat Hy sy seun gegee het om aan ’n kruis te sterwe. Hy het jou so lief dat Hy na jou lewe toe kom jou ’n nuwe persoon maak en die rigting van jou lewe verander. Hierdie skrifgedeelte moet jou laat verstaan dat al het jy sonde of groot foute in jou verlede gemaak, is God vir jou lief met ’n onmeetbare en oneindige liefde en gee aan elke mens die geleentheid om na Hom toe te draai. God het deur Jesus Christus aan die kruis elke mens die geleentheid geskenk om hulle ewige bestemming te verander: “Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered.”²¹ Jy moet dit besef en aanvaar dat God jou liefhet deur te sê Ja, Here ek weet U het my lief!

b. Ja, ek bely dat ek God nodig het.

Jy moet erken dat jy God nodig het. Jy kan God net in jou lewe ervaar as jy bely dat jy Hom nodig het. Dit is slegs wanneer ek aan die einde van

¹⁹ 1Joh.4:18

²⁰ Joh.3:16

²¹ Ef. 2:4-5

myself gekom het deurdat ek bely dat ek 'n vermiste skakel in my lewe het, dat ek God kan beleef. Die vraag is: Het ons God enigsins nodig? Die mens is aanvanklik geskape in eenheid met God: "...die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."²² Die oomblik toe Adam en Eva sonde gedoen het, het daar iets van God gesterf in hulle lewe sodat daar 'n leegte in die siel van die mens ontstaan het. Thomas Aquinas noem dit 'n God-leegte. Die mens was nooit bedoel om sonder God te leef en bestaan nie en daarom was die plan van God vanaf die sondeval om die mens se verhouding met Hom te herstel sodat die mens weer God in sy lewe kan ervaar. Die mens het egter deur die geskiedenis die God-leegte en die geestelike honger en dors probeer vul met dinge van die wêreld. Die werklikheid was dat niks in die wêreld die geestelike honger en dors kan stil weens die God-leegte nie, maar net God self. Wat die mens dus eintlik nodig het is nie eintlik meer geld, vryheid, geluk, besittings nie, maar God. Die waarheid is dat die mens weens die sondeval baie behoeftes en begeertes het, wat uiteindelik maar net 'n begeerte is na God wat ons ware behoefte kan vervul. Jesus maak dit baie duidelik: "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word."²³ 'n Relevante vraag mag wees: Waarvoor het ons God nodig? Ons het God op baie vlakke van ons lewens nodig, maar kom ons noem relevante aspekte op.

Jy het God vir redding nodig.

Net Jesus Christus kan jou red: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red..."²⁴ Waarvan moet jy gered word? Jy moet gered word van 'n ewige dood, oordeel en hel sodat jy God se ewige koninkryk kan ingaan.

²² Gen.2:7

²³ Mat.5:6

²⁴ 1Tim1:15

Jy het God vir ware vrede nodig.

Mense wat nie God in hulle lewens het nie het 'n diep innerlike onvrede of konflik. Die rede daarvoor is dat hulle in 'n wanverhouding met God staan. Daar bestaan nie vrede tussen hulle en God nie weens hulle sonde. Paulus praat hiervan as hy dit so duidelik stel: "Want Hy is ons vrede".²⁵ Solank jy nie Jesus in jou lewe het nie, bestaan daar vyandskap tussen jou en God, ervaar jy nie sy liefde nie en is jou saak nie reg met God nie.

Jy het God vir wysheid nodig.

Almal het 'n gebrek aan kennis. Die meeste van ons soek na iemand waar ons wysheid kan vind, iemand volwasse genoeg waarvandaan ons die nodige leiding en advies kan kry om suksesvolle en betekenisvolle lewens te lei. Jy het ook God nodig om aan jou ware wysheid vir hierdie lewe te gee: "En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyte, en dit sal aan hom gegee word."²⁶

Jy het God vir 'n lewe van betekenis nodig.

Elkeen van ons het 'n rede nodig om in die oggend uit die bed te klim en om voort te leef. Ons noem dit 'n lewe van betekenis. 'n Diepe bewustheid dat ons lewens iets beteken, dat ons diepste behoeftes vervul word en dat ons lewe 'n doel het ten spyte van ons verganklikheid. Die feit is dat God jou lewe met 'n doel en betekenis geskape het en dat jy sonder God nie die doel en betekenis kan vervul nie. Dit is slegs in verhouding met God dat jy sinvol kan bestaan: "...want in Hom lewe ons, beweeg ons en

²⁵ Ef.2:14

²⁶ Jak.1:5

is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.”²⁷

Mense is beperk in alle opsigte behalwe in een opsig, hulle begeertes. Mense kry nooit genoeg nie, hulle soek altyd meer tyd, wysheid, skoonheid, ens. Een van die redes is omdat God dit nog nie klaar gegee het nie. Die onbeperkte behoeftes van die mens korrespondeer met die onbeperkte genade van God. Die doel van mense se behoefte is om hulle na God toe te dryf maar in baie gevalle dryf dit mense se lewens na afgodediens toe, deurdat hulle die dinge in die wêreld die fokus van hulle liefde maak. Wat jou siel eintlik nodig het is God, en nie die ander goed van die lewe om die begeerte van die siel te stil nie. Die probleem is nie al die behoeftes nie, maar die mens se gevalle natuur wat maak dat hulle die God-leegte probeer vol maak met iets anders. Die mens was nooit geskape om sonder God te wees en te lewe nie, maar om God in hulle lewens te hê, aan God verbonde te wees en om vanuit God te funksioneer.

c. Ja, ek glo dat Jesus my redder is.

Jy moet glo dat Jesus jou redder is. Petrus het aan die godsdienstige leiers van die Joodse volk die owerstes en ouderlinge en skrifgeleerdes in Jerusalem hierdie belangrike boodskap gebring: “En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.”²⁸ Jesus is die redder en jy moet jou persoonlike geloof in Hom plaas vir redding. Mense draai na verskillende dinge en persone toe wanneer hulle hulp en redding nodig het. Vir jou om God se redding te ervaar moet jy verstaan dat dit Jesus is. Jesus het dit self baie duidelik gemaak: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”²⁹


²⁷ Hand.17:28

²⁸ Hand.4:12

²⁹ Joh.14:6

Jy moet dan ook Jesus as jou redder ontvang. Jy ontvang Hom deur eerstens jou sonde te bely, sy Naam aan te roep en deur Hom in jou lewe in te nooi en aan te neem.

- Sonde is die rede waarom daar 'n breuk in die verhouding tussen die mens en God ontstaan het. Jesus Christus het deur sy kruisdood dit vir almal, deur sy bloed, moontlik gemaak om vergifnis van ons sonde te verkry. Daardeur is die vyandskap tussen God en mens uitgewis. Maar die belofte is voorwaardelik deurdat jy die bloed van Jesus in jou lewe moet aanwend. Jy doen dit deur belydenis. Dit word mooi in die Nuwe Testament gestel: "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."³⁰ Jesus kan net in jou lewe inkom wanneer daar afgereken is met jou sonde deur vergifnis.
- Wanneer dit wat tussen jou en God staan verwyder is deur vergifnis kan jy God nader deur Hom aan te roep. Daar bestaan 'n belofte in die Nuwe Testament: "Nader tot God, en Hy sal tot julle nader."³¹ Wanneer jy God nader luister Hy na jou gebed. Petrus maak dit dan baie duidelik dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.³²



Wanneer jy jou sonde bely en Jesus Christus aanroep met die doel dat Hy deel van jou lewe moet word, neem Jesus jou aan as sy kind en het iets in jou lewe gebeur deurdat jy nou kind van God genoem word:

³⁰ 1Joh. 1:9

³¹ Jak. 4:8

³² Hand.2:21

“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.”³³

d. Ja, ek erken Jesus as dié Here.

Wanneer jy sê “JA HERE” erken jy Jesus as die Here van jou lewe. Om Jesus as die Here te erken beteken dat jy sy posisie in jou lewe prioritiseer en allerbelangrik beskou. Die woord “Here” beteken: hoogste gesag, om in beheer te wees en meester. Dit is ’n sentrale boodskap wat 92 keer in die boek Handelingte voorkom en 747 keer in die Nuwe Testament. Dit onderstreep die belangrikheid van hierdie konsep.

Uiteindelik is Jesus die Here of jy dit wil weet of nie. Hy is die skepper en hou alles deur sy mag in stand.³⁴ Hy het mag en outoriteit oor alles³⁵ en Hy het voorrang in die skepping bo alles³⁶ en is die hoof van die kerk.³⁷ Petrus en die ander Apostels maak dit duidelik aan die Jode op die dag van Pinkster: “Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.”³⁸

As Jesus die Here is het dit die volgende implikasies vir jou lewe:

- Jesus vereis gehoorsaamheid.

“En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?”³⁹

³³ Joh.1:12

³⁴ Kol.1:16

³⁵ Mat.28:18

³⁶ Kol.1:16-18

³⁷ Kol.1:18; Ef.5:23

³⁸ Hand. 2:36 AOV

³⁹ Luk. 6:46 AOV

- Vir elke mens is dit 'n saak van die hart.

“Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees.”⁴⁰

- Uiteindelik is dit 'n leefstyl.

“Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom.”⁴¹

Een van die redes hoekom mense toegee aan hulle “vleeslikheid” is omdat hulle nie Jesus as Here erken en eer nie: “En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?”⁴²


Die korrekte plek van Jesus in jou lewe is in beheer en op die troon van jou lewe, dit is wat Paulus as 'n geestelike mens sien.⁴³ Die skets onder illustreer dat jy op een van drie plekke kan wees in jou verhouding met God.

⁴⁰ 1 Pet. 3:15 AOV

⁴¹ Kol. 2:6 AOV

⁴² 1 Kor. 3:1-3 AOV

⁴³ 1 Kor. 3:1



Die stoel verteenwoordig die troon of posisie van heerskappy in jou lewe. Die kruis verteenwoordig die heerskappy van Christus en die “E” verteenwoordig die eie Ek/jy. Die raamwerk omkring jou lewe.

1. In skets 1 is Christus nie deel van jou lewe nie en jy lewe volgens jou begeertes, m.a.w. jy regeer jou eie lewe en is verlore.
2. In skets 2 het jy Christus aangeneem of deel van jou lewe gemaak maar jy bepaal steeds wat jy doen of nie doen nie. Met ander woorde jy heers op die troon van jou lewe.
3. In die derde skets het jy het volle beheer oorgegee aan Christus en Hy regeer omdat Hy bepaal wat jy dink, doen en sê.

Een van die redes vir die gebrokenheid in mense lewens is omdat hulle wil in diens is van hul eie begeertes. Mense wil in beheer wees van hulle eie lewens. Wanneer jy hier ja sê, gee jy aan Jesus die beheer oor as die Here van jou lewe. Dit beteken dat jy jou wil aan Hom oorgee. Daar is ’n paar redes hoekom mense nie Jesus as Here wil erken nie. Een van die waarskynlikste is, omdat hulle vermoed dat Hy van hulle dinge gaan verwag wat hulle nie graag wil doen nie. Die feit is dat dit gaan gebeur. Die Bybel is gevul met stories van mense wat geworstel het om God die Here te maak. Dink aan Abraham wat nie Isak wou offer nie, Josef wat nie in die tronk wou wees nie en Moses wat nie voor die Farao wou gaan staan nie. Jesus self het die voorbeeld gestel. Niemand hou van onderwerping en kruisiging nie, maar dit is waarom heerskappy gaan, dit gaan oor ’n koning wat regeer en ’n onderdaan wat onderwerp. Wanneer Jesus die Here is, is alles onder sy heerskappy, jou gedagtes, jou planne, dade, beroep, verhoudings en doel. ’n Ander rede waarom

mense hulle nie aan Jesus wil onderwerp nie, is omdat hulle dink hulle weet wat die beste is vir hulleself. Ons kan natuurlik nie verder van die waarheid af wees nie. God weet wat die beste vir jou is en beplan dit vir jou lewe. Dink net aan die pragtige woorde van God oor jou lewe: “Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ’n hoopvolle toekoms te gee.”⁴⁴ Om Jesus te erken as Here beteken algehele gehoorsaamheid en onderwerping aan Jesus. Jesus maak dit duidelik rakende mense wat Hom nie gehoorsaam nie: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?”⁴⁵

e. Ja, ek behoort aan God se familie, die gemeente.

Die oomblik wanneer jy Jesus as redder en Here aanvaar word jy deel van die huisgesin van God en ’n medeburger in die koninkryk van God. Paulus maak dit nou duidelik dat jou status radikaal verander het: “Julle is dus nie meer uitlanders en bywoners nie, maar medeburgers van hulle wat aan God behoort. Ja, julle is lede van God se huisgesin.”⁴⁶

Jou deelname aan die gemeente van God is nie ’n opsionele saak nie, maar is ’n opdrag van die Here. Dit is in die gemeente waar jy ’n geestelike tuiste vind en waar jy saam met ander gelowiges die Here korporatief aanbid. Dit is die plek waar jy geestelik moet toeneem tot die volle beeld van Christus.⁴⁷ Jy word nou ’n lid van die liggaam van Christus wat jou plek moet inneem.⁴⁸ Jy moet ook daar toegerus word vir jou dienswerk in die wêreld.⁴⁹

⁴⁴ Jer.29:11 AOV

⁴⁵ Luk. 6:46

⁴⁶ Ef.2:19

⁴⁷ Kol.1:10

⁴⁸ 1 Kor.12:14

⁴⁹ Ef.4:12

Slot

Jy het pas vyf keer ja gesê. Kom ons hersien die belangrike beginsels:

- Ja, ek weet dat God my lief het.
- Ja, ek bely dat ek God nodig het.
- Ja, ek glo dat Jesus my redder is.
- Ja, ek behoort aan God se familie, die gemeente.
- Ja, ek erken Jesus as dié Here.

Jy is nou gereed om 'n "Ja van geloof" te gee deurdat jy die belydenis tot redding bid. Die belydenis tot redding is 'n gebed waardeur jy die "Ja van geloof" gee:

Hemelse vader, ek erken my sonde en dat ek U vergifnis benodig. Ek glo dat Jesus Christus vir my aan 'n kruis gesterf het en ek is bereid om weg te draai van my sonde. Jesus ek nooi U in my hart en lewe in as my redder. Heilige Gees lei my om Jesus in gehoorsaamheid te volg. Amen

Deur hierdie gebed het jy deel van die koninkryk van die lig⁵⁰ geword, is jy nou gered en 'n kind van God. Jy het dus die mag verkry om kind van God te word. Staan nou op die Woord van God wat sê: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo..."⁵¹

Jesus het 'n belofte gemaak aan die vrou by die put in Samaria as gevolg van 'n "Ja van geloof": "Die water wat Ek vir hom sal gee, sal 'n fontein in hom word waarvan die water vir altyd sal bly opborrel."⁵²

⁵⁰ Kol.1:13

⁵¹ Joh. 1:12

⁵² Joh. 4:14, NLV

Hoofstuk 2 - Die “JA van volg”

Ware oorvloedige lewe word net moontlik gemaak deur verandering. Sommige mense sal dadelik saamstem, maar voel dat dit hulle omstandighede en omgewing is wat moet verander sodat hulle meer gelukkig en oorvloedig kan wees. Die werklikheid is dat verandering in jou nodig is, voordat dit om jou ’n effek het. Dit is waarom God meer begaan is oor wat in jou gebeur as wat om jou gebeur. ’n Belangrike vraag is, kan ’n mens regtig verander? Natuurlik is dit moontlik om te verander. Om verandering moontlik te maak in jou lewe, moet jy kennis hê van dit wat moet verander en hoe om dit te doen. Diè boek wil aan elke mens die inligting, metode en mag gee om self te verander en deur die krag van Jesus se opstanding hulle te help verander. Daardeur kan dit ’n handige en kragtige stuk gereedskap in elke gelowige se lewe word.

Die tweede belangrike “JA, Here” is op grond van Jesus se uitnodiging aan elke persoon wat die ‘Ja van geloof’ gebruik het met die doel om te verander. Jesus se plan was nooit dat mense net ’n filosofie of leerstelling moes aanvaar nie, maar persoonlike transformasie moes ondergaan deurdat hulle volgelinge of dissipels sou raak. In Dietrich Bonhoeffer se woorde: “Christenskap sonder dissipelskap is Christenskap sonder Christus.” Jesus se grootste begeerte is, dat jy ’n dissipel of navolging van Hom sal wees. Maar om ’n ware Christen of dissipel te wees het jy nodig om die werke van die kruis te verrig deur om Christus volledig in leer en lewe deur gehoorsaamheid na te volg. Jy moet nou in God se woord bly en sy voorbeeld navolg. Jesus het self gesê: “As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.”⁵³

⁵³ Joh. 8:31,32

Dissipel is 'n antieke woord wat die proses beskryf waardeur 'n student onder leiding van 'n Joodse Rabbi gestudeer het in 'n poging om die leefstyl en lering van die Rabbi na te volg met die doel om soos die Rabbi te word. In eenvoudige terme beteken die opdrag dat ons mense moet maak soos Christus. Iemand het dit eenmaal so treffend gestel. Dissipels word gemaak en nie gebore nie. Natuurlik word iemand slegs 'n Christen deur wedergeboorte⁵⁴ en is die werk nie vanuit werke nie, maar deur genade alleen.⁵⁵ Dit is wat ons die weg van die kruis noem. Maar om 'n ware Christen of dissipel te wees het jy nodig om die werke van die kruis te verrig deur om Christus volledig in leer en lewe na te volg.⁵⁶

'n Goeie paslike definisie vir dissipelskap soos gebruik deur Max Anders is: "Om aan 'n gewillige persoon die hulp te verleen om te groei in volwassenheid in Christus."⁵⁷ Nadat 'n persoon 'n 'Ja van geloof' gegee het is dit belangrik dat die persoon uitgedaag sal word om Jesus te volg. Waar Jesus ook al in die Mediterreense wêreld beweeg het, het hy mense geroep om Hom te volg.⁵⁸ Jesus het dit keer op keer duidelik gemaak dat Hy dit vereis dat mense Hom moet volg: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg."⁵⁹

Een van die verhale van transformasie wat aangrypend is, is sekerlik van Mattheus, die tollenaar. Jesus het hom die dag ontmoet: "En toe Jesus daarvandaan verder gaan, sien Hy 'n man met die naam van Mattheus by die tolhuis sit; en Hy sê vir hom: Volg My. En hy het opgestaan en

⁵⁴ Joh.3:5

⁵⁵ Ef. 2:8-9

⁵⁶ Joh. 8:31

⁵⁷ Max Anders, 2015. Brave New Discipleship: Cultivating Scripture driven Christians in a Culture driven world. (Thomas Nelson: Nashville)

⁵⁸ Mat.8:22 ; Mat.9:9; Mat.10:38; Mat.6:24; Mat.19:21; Mar.2:14; Mar.8:34; Mar.9:38 ; Mar.10:21

⁵⁹ Mat.16:24

Hom gevolg.”⁶⁰ Tollenaars was in hedendaagse terme belastinggaarders en was meestal korrup omdat hulle mense meer aangeslaan het as wat hulle verskuldig was met die oog op persoonlike profyt. Omdat hulle besluite deur Romeinse soldate afgedwing was, het min mense openlik weerstand gebied. Gewoonlik het mense maar net hulle afkeer en afsku gewys deur hulle sosiale verkeer met dié mense te beperk, vandaar die kritiek van die godsdienstige leiers op Jesus se assosiasie met die Tollenaars.⁶¹ Mattheus se oorspronklike naam was Levi en daar bestaan onsekerheid oor presies waar hy die naam Mattheus vandaan kry wat beteken “gawe van God”. Mattheus was afkomstig van Kapernaum en het ’n groot afskeidpartytjie gehou op die dag waarin Jesus hom genooi het om Hom te volg, sodat sy vriende Jesus kon ontmoet. Van daardie dag af het Mattheus nie meer belasting opgeëis nie, maar siele. Hy het radikaal verander in sy hart, gedrag en lewe en het nooit teruggekyk nie. Hy het ’n lewe van finansiële sekuriteit agtergelaat en verruil vir ’n bestaan waarin hy Jesus deur die Mediterreense wêreld gevolg het. Omdat Mattheus Jesus gevolg het, het hy ’n bekende apostel geword en twintig jaar later die eerste evangelie geskrywe.

Wanneer dissipelskap onder bespreking kom, mag die vertrekpunt wees dat mense dink dat dit ten bate van God is. Dit baat nie God nie, maar onself. God het per slot van sake nie ons hulp nodig nie, ons het syne nodig. Dissipelskap is deur God ontwerp om aan ons die hulp te gee wat ons benodig. Dissipelskap is die wyse waarop ons kan inskakel by die oneindige hulpbronne van God. Dit is ons geleentheid om ons lewe betekenisvol te lewe in plaas van ’n bestaan van middelmatigheid. In dissipelskap doen ons nie God ’n guns nie, maar God doen onself ’n guns. Dit is belangrik dat ons hierdie waarheid sal verstaan.

Ware dissipelskap kom egter teen ’n prys. Net soos met alles wat die moeite werd is in die lewe teen ’n prys kom, is dit ook die waarheid vir

⁶⁰ Mat. 9:9

⁶¹ Matt.11:19

enige iemand wat wil intap in die oneindige hulpbronne van God. Jesus waarsku hieroor op 'n gereelde basis dat daar 'n gewig en koste daaraan verbonde is om Hom te volg. Dit gaan jou lewe kos, maar as jy bereid is om dit te gee, ontvang jy meer lewe en oorvloed terug.: “En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.”⁶²

Ware dissipelskap begin met die gewilligheid om alle lojaliteite agter te laat en tweede te stel in belang van Jesus. Om Jesus te volg beteken dat jy Hom eerste stel bo alles al kos dit die belangrikste verhoudings in jou lewe. Die doel van Jesus om die stelling te maak was om te beklemtoon dat as jy Hom nie eerste plaas en jou oorgawe dit nie weerspieël nie, het jy nie die koste bereken nie en is jy opgestel om te faal. Die tweede belangrike aspek is dat 'n dissipel se oog gerig is op die pad wat voor lê saam met Jesus. Jesus het 'n belangrike stelling hieromtrent gemaak: “Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.”⁶³ Daar is nie weer geleentheid om agter toe te kyk nie, maar slegs vorentoe.

'n Ja van oorgawe is 'n - Ja, Here, ek sal U volg! Dit maak nie saak wat ek agterlaat, opgee en moet doen nie. Wanneer ek Jesus volg ontvang ek veel meer as dit wat ek verloën en agtergelaat het en kry toegang tot die oneindige hulpbronne van God. Om Jesus te volg is die fondasie nodig van basiese beginsels wat in die volgende tien studies of stappe bespreek sal word.

1.Om jouself te bekeer

Die eerste stap om Jesus te volg is bekering. Terwyl God by die ‘Ja van geloof’ die inisiatief neem, is die inisiatief deur bekering, jou werk.

⁶² Mat.10:38-39

⁶³ Luk 9:62

Bekering beteken om 'n nuwe lewe te lei na wedergeboorte. Jesus Christus het die ou hart van klip verwyder en dit vervang met 'n splinternuwe sagte hart vol liefde, dankbaarheid, begrip en vergifnis. Jy het nou 'n nuwe begeerte om Hom te leer ken en aan Sy verwagtinge te voldoen. Daar is nou 'n dors in jou gebore. Hoe kan ek nou my Hemelse Vader tevrede stel? Paulus maak dit duidelik: "Soos julle dan Jesus Christus aangeneem het, wandel so in Hom".⁶⁴ Hy begeer dat jy Hom met jou hele hart sal liefhê. Hy wil die middelpunt van jou lewe wees. Hy begeer dat alles wat jy doen om Hom moet draai. Jesus het gesê dat as jy Hom liefhet, jy alles sal doen wat Hy begeer. Wat die Here die meeste begeer behoort nou die belangrikste in jou lewe te wees. In die Griekse taal waarin die Nuwe Testament geskryf is, word die woord "metanoia" gebruik vir bekering. Die betekenis van die woord is, om weg te draai of om te draai en anders te dink. Jy moet dus jou rug draai op die ou lewe want jy het jou lewe saam met Christus laat kruisig, gesterf vir jou ou lewe en opgestaan tot 'n nuwe lewe.

Bekering beteken dus:

- Om te kies.
"Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien".⁶⁵
- Om te sterf vir jouself.
"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het".⁶⁶

⁶⁴ Kol.2:6 AOV

⁶⁵ Jos. 24:15 AOV

⁶⁶ Gal. 2:20 AOV

- Om eie belange te verlaat en Christus te volg.

“Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg”.⁶⁷

Bekering is ’n deurlopende proses wat by wedergeboorte begin en eindig by jou dood. Bekering is om elke oomblik ’n keuse uit te oefen om weg te draai van sonde, motiewe, gedagtes en optredes wat nie in lyn is met God se Woord nie. Bekering het dus te doen met jou wil, emosies en verstand. Dit word ook heiligmaking genoem. Bekering is ook die roete tot die volheid van God in jou lewe soos byvoorbeeld die vervulling met die Heilige Gees: “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.”⁶⁸

Dit word nou ’n proses waarin jy meer areas van jou lewe oorgee. Die praktiese stappe wat jy kan neem om die proses te volg is:

- Neem ’n besluit t.o.v. dit waaroor die Here met jou praat (Jos. 24:15).
- Bely jou verkeerde optrede en sonde voor die Here (1 Joh. 1:9).
- Vra God om jou die krag te gee om die besluit uit te voer (1 Kor. 10:13).
- Doen dit wat jy glo reg is (Jak. 2:24).

Wedergeboorte en bekering plaas jou lewe op ’n nuwe pad saam met Christus en veroorsaak dat jou lewe impak het. Blaise Pascal maak ’n stelling hieroor: “The serene beauty of a holy life is the most powerful influence in the world next to the power of God.”

⁶⁷ Mat. 16:21 AOV

⁶⁸ Hand. 2:38 AOV

2.Om jouself te laat doop

Die tweede stap na die “Ja van geloof” is die doop. Die doop is die eerste van twee sakramente van die Christelike kerk en een van die twee belangrikste ervarings en belydenisse van jou lewe. Waterdoop simboliseer die begin van die geestelike lewe; en word slegs eenmaal bedien; die Nagmaal word gereeld bedien en toon daardeur dat die geestelike lewe gevoed moet word. Die kragtigste manier waarop jy as ’n gelowige jouself met Christus kan identifiseer, is deur die doop. Die doop is ’n stap van gehoorsaamheid waardeur gelowiges in die openbaar hulle geloof en toewyding aan Christus verklaar. Deur onderdompeling identifiseer jy jouself met die dood en opstanding van die Here Jesus Christus. Die watergraf is simbolies van die dood van die ou sondige natuur en ’n opstanding in ’n nuwe lewe en wandel met Christus.⁶⁹

Waarom moet jy gedoop word?

- Omdat Jesus dit beveel het.
“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”⁷⁰
- Omdat gehoorsaamheid eerste gestel word.
“Maar Samuel antwoord; Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.”⁷¹
- Omdat jy deur die doop belydenis aflê van jou geloof.

⁶⁹ Rom. 6:3-6

⁷⁰ Mat. 28:19 AOV

⁷¹ 1 Sam. 15:22 AOV

“By our baptism, then, we were buried with Him and shared His death, in order that, just as Christ was raised from death by the glorious power of the Father, so also we might live a new life.”⁷²

- Omdat geen verdere oortuiging nodig is nie.

“Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan.”⁷³

Hoekom deur onderdompeling?

“The Word “baptize” signifies to immerse. It is certain that emersion was the practice of the ancient church.”John Calvin

- Omdat Jesus so gedoop is.

“Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos ’n duif sien neerdaal en op Hom kom.”⁷⁴

- Omdat die dissipels, sowel as die eerste Kerk, so gedoop het.

“Toe het hy die wa laat stilhou. Filippus en die hofdienaar het albei in die water ingegaan, en Filippus het hom gedoop.”⁷⁵

- Die woord ‘baptidzo’ beteken onderdompeling.

“Filippus en die hofdienaar het albei in die water ingegaan, en Filippus het hom gedoop.”⁷⁶

“I would have those who are to be baptized to be entirely immersed as the word imparts and the mystery signifies”. Martin Luther

⁷² Rom. 6:4 GNB

⁷³ Luk. 16:31 AOV

⁷⁴ Mat. 3:16 AOV

⁷⁵ Hand. 8:38-39 AOV

⁷⁶ Hand. 8:38-39 AOV

Wat van die kinderdoop en besprinkeling?

Sommige Christelike kerke doop babas. Gewoonlik gebeur dit deur die baba se voorkop met water aan te raak (besprinkeling). In dié kerke word die doop gesien as 'n plaasvervanger vir die besnydenis. Daar is geen skriftuurlike regverdiging vir die doop van babas nie, daarom glo ons net in die toewyding of seën van kinders soos wat ons dit in die voorbeeld van Jesus waarneem.⁷⁷

Die impak van die doop op jou lewe.

- Die wonderlike beeld van die doop is die vereenselwiging met Christus se sterwe en opstanding.

“That is what happened in baptism. When we went under the water, we left the old country of sin behind; when we came up out of the water, we entered into the new country of grace--a new life in a new land! That's what baptism into the life of Jesus means.”⁷⁸

- Wanneer jy doen wat God van jou vra gee God erkenning aan jou lewe.

“En toe die hele volk gedoop is, en toe Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan ... en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is My geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae.”⁷⁹

- Die doop word diens aan God met jou liggaam.

“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.”⁸⁰

⁷⁷ Mark. 10:13-16

⁷⁸ Rom. 6:3 MSG

⁷⁹ Luk. 3:21-22 AOV

⁸⁰ Rom. 6:3-4 AOV

“Nothing that you have not given away will ever be really yours. Nothing in you that has not died will ever be raised from the dead. Look for yourself, and you will find in the long run only hatred, loneliness, despair, rage, ruin, and decay. But look for Christ and you will find Him, and with Him everything else thrown in.” CS Lewis

Daar is baie Christene, wat sedert hulle gelowig geword het, nog nie gedoop is nie. Deur die doop te vermy sal daar altyd ’n geestelike struikelblok in so ’n gelowige se lewe wees. Doop is ’n daad van gehoorsaamheid.

Wanneer is jy gereed om gedoop te word?

- Wanneer jy wedergebore is, en tot bekering gekom het: “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.”⁸¹
- Jy hoef nie volkome heilig te wees nie, maar net gehoorsaam. “Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring.”⁸²
- Geloof in God is die derde belangrike voorwaarde. “En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word? Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof.”⁸³

⁸¹ Hand. 2:38 AOV

⁸² Hand. 2:41 AOV

⁸³ Hand. 8:35-38 AOV

3.Om jou geloof te ontwikkel

Geloof is 'n kernsaak vir elke Christen of dissipel van Jesus. Dit begin by die erkenning van die bestaan van God, groei vanuit 'n verhouding met Jesus en dit word bekragtig deur jou geloofsoptrede. Dit is op grond van jou geloof dat jy gered word en die ewige lewe ontvang⁸⁴ en dit is deur jou geloof dat jy die ewige straf van God vermy.⁸⁵ Geloof veroorsaak dat jy God ervaar en gee jou ook toegang tot God se krag en voorsiening selfs al is dit net so klein soos die kleinste saadjie.⁸⁶ Die Nuwe Testament stel dit ook duidelik dat jy nie God kan behaag sonder geloof nie.⁸⁷ Daarom is dit baie belangrik dat elke Christen moet uitklaar wat geloof is, hoe dit in jou lewe funksioneer en hoe jy dit kan laat groei en versterk.

Een van die kenmerke van vroeë Christene was dat hulle gelewe het vanuit hierdie vaste vertrouwe op die dinge wat hulle hoop. Hulle het geglo. In die sin is geloof 'n werkwoord wat jy op jou geestelike lewensreis inspan wat 'n kragtige uitwerking het. Wat jy ten diepste glo bepaal wie jy gaan word. Wanneer jy jou geloof beoefen word jy soos Jesus. Jy begin om soos Jesus te dink, dieselfde gesindheid te openbaar en goddelike beginsels in jou lewe te aanvaar.

Wat is geloof?

In die Nuwe Testament word geloof gedefinieer as: “Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.”⁸⁸

⁸⁴ Joh.3:16

⁸⁵ Joh.3:18

⁸⁶ Mat.17:20

⁸⁷ Heb.11:6

⁸⁸ Heb. 11:1

Geloof is dus 'n vaste vertrouwe in:

1. Die werklikheid van God.

Alles begin by God. Selfs die Bybel probeer nie die bestaan van God bewys nie. Dit aanvaar net die werklikheid van God deur te verklaar: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep."⁸⁹ Geloof begin met ander woorde deur 'n erkenning dat God 'n werklikheid is. Die skrywer van die Hebreërs brief stel dit so duidelik: "...want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is".⁹⁰

2. 'n Persoonlike God.

God is nie 'n onpersoonlike krag wat in die kosmos betrokke is nie, maar 'n persoonlike God wat by jou lewe betrokke is en weet van jou bekommernis en alles raaksien wat jy doen. Jesus maak hierdie feit baie duidelik bekend in die Nuwe Testament: "Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel."⁹¹ Daarom verklaar die Psalmdigter: "Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het."⁹²

3. Die goedheid van God.

Daar is sommige mense wat nie glo dat God goed is nie, weens die gebrokenheid wat in die wêreld sigbaar is. Daar is lyding, pyn en swaarkry nie weens God se afwesigheid of die gebrek aan God se goedheid nie, maar weens die teenwoordigheid van sonde en die duiwel op aarde. Die Bybel leer dat God goed is en Dawid beklemtoon die feit: "Die HERE is goed en reg..."⁹³ Daarom kan Christene met verwagting

⁸⁹ Gen.1:1, AOV

⁹⁰ Heb. 11:6

⁹¹ Mat.10:30

⁹² Psalm 121:1-2

⁹³ Psalm 25:8

lewe sodat hulle kan glo dat hulle die goedheid van die Here sal sien in die lewe ten spyte van al die moeilike omstandighede en pyn in die wêreld.”⁹⁴ Daarom kan jy na God toe kom in geloof en ervaar dat Hy die beloner is van die wat na Hom soek.⁹⁵

4. Die Woord van God.

Geloof in die Bybel, as die Woord van God, wat die basis vorm van jou geestelike lewe, is belangrik. Paulus skrywe aan die gemeente in Thessalonika: “Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.”⁹⁶ Die Bybel is geïnspireer deur die Heilige Gees en is: “...deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid”.⁹⁷ Uiteindelik is jou geloof in God⁹⁸ en in sy Woord.⁹⁹

5. Die verlossingswerk van Jesus die seun van die lewende God.

’n Belangrike aspek van geloof het te doen met wie Jesus is en wat Hy gedoen het. Wanneer jy dit glo word jy gered: “Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.”¹⁰⁰ Jesus Christus is gebore as ’n mens maar is volledig God. Hy het sonder sonde gelewe en het sy lewe as ’n soenoffer oorgegee aan die kruis. Hy het gesterwe en daardeur vergifnis vir jou sonde bewerkstellig. Hy het opgestaan uit die dood en sodoende die graf, die dood en die doderyk oorwin vir ons.¹⁰¹ Paulus maak dit baie duidelik aan die gelowiges in Rome: “As jy met jou

⁹⁴ Psalm. 27:13

⁹⁵ Heb. 11:6

⁹⁶ 1Thes. 2:13

⁹⁷ 2Tim. 3:16

⁹⁸ Heb.6:1

⁹⁹ Rom.10:17

¹⁰⁰ Hand. 16:31

¹⁰¹ Rom.10:9; Hand.16:31

mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.”¹⁰²

6. Die beloftes van God

God maak aan jou beloftes deur sy woord en jy moet dit omhels deur geloof. Die hele Bybelse geskiedenis is vol van mense wat God op sy woord geneem het waar dit sy beloftes aangaan en is beloon: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons.”¹⁰³ Wanneer jy God se beloftes glo en daarop reageer ervaar jy voorsiening.

Uiteindelik is geloof ’n gawe wat van God af kom wat Hy aan elke mens gegee het: “Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat ’n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.” Geloof kom gewoonlik in saadvorm en moet deur jou ontwikkel en gegroei word sodat dit kan toeneem en ’n oortuiging in jou geestelike hart wat jy dan in die fisiese wêreld kan manifesteer: “En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos ’n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”¹⁰⁴

Daar is natuurlik verskillende tipes geloof wat eintlik valse weergawes van geloof is, soos ’n verstandsgeloof, gevoelsgeloof, krisisgeloof en ’n dooie geloof. Alhoewel hierdie soorte of voorstellings wel voorkom as ’n geloof het dit geen uitwerking nie.

¹⁰² Rom.10:9

¹⁰³ 2Kor. 1:20

¹⁰⁴ Mat. 17:20

’n Verstandgeloof is om net kennis te neem of saam te stem met godsdienstige praktyke of leringe in die Bybel of selfs met feite oor Jesus. Dit is waarskynlik waarvan Jakobus die broer van Jesus gepraat het in Jak.2:19: “Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.” Wanneer jy lewe met ’n gevoelsgeloof gebruik jy die inligting wat jy deur jou sintuie versamel as ’n basis waarop jy jou geloof grond. Thomas die ongelowige dissipel is ’n goeie voorbeeld van die soort van geloof.¹⁰⁵ Jakobus is dan ook die een Nuwe Testamentiese skrywer wat verwys na ’n dooie geloof omdat dit net in die gees en gedagtes van die mens voorkom en nie verenig is met woorde nie.¹⁰⁶ Dan is daar ook ’n krisis geloof of tydelike geloof wat in werking tree in ongunstige situasies en dan weer opgegee word wanneer die krisis verby is.¹⁰⁷

’n Christen wat sy geloof en vertrouwe in God plaas sal nooit teleurgestel staan nie.¹⁰⁸ Wanneer Jesus die geloof van mense gesien het, het dit aanleiding gegee daartoe dat Hy sonde vergewe en genees het.¹⁰⁹

4.Om die Heilige Gees te ontvang, vrug voort te bring en die gawes te gebruik.

Die Heilige Gees is die derde persoon van die Goddelike drie-eenheid en is die persoon wat God se teenwoordigheid in ons lewens bekendmaak. Die teenwoordigheid van God in ons lewe gee vir ons krag tot lewe. Op die dag van Pinkster is die Heilige Gees uitgestort op elke mens wat

¹⁰⁵ Joh.20:25

¹⁰⁶ Jak. 2:14-26

¹⁰⁷ Mat.13:20-22

¹⁰⁸ Rom.10:11

¹⁰⁹ Mark. 2:1-12

geglo het.¹¹⁰ Hierdie was God se belofte reeds van die Ou Testament af vir elke gelowige.¹¹¹

Jesus het aan Sy dissipels gesê: “En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.”¹¹²

Wat beteken krag uit die hoogte? Hier is baie misverstande. Sommige mense glo dit is die krag tot getuienis. Verseker gaan jy krag hê om ’n getuie vir Jesus te wees as jy die Heilige Gees in jou het, maar die stelling is meer omvattend. Die Heilige Gees gaan jou lewe vervul met ’n krag van God tot lewe en die gevolg sal wees dat jy nie kan ophou getuig oor dit wat in jou lewe plaasgevind het nie.¹¹³ Paulus werp meer lig op die ervaring: “Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.”¹¹⁴

In die natuur is daar wette wat deur God gemaak is om die fisiese heelal te reguleer en orde te verseker. Natuurwette handhaaf dus dit wat God in beweging gestel het. Maar die wette reguleer nie net die sigbare wêreld nie, maar bestaan ook in die geestelike wêreld. God het ook geestelike wette geskep wat net so onfeilbaar, seker en betroubaar is as dié wat ons in die sigbare wêreld raaksien. Wanneer Paulus hierdie woorde in Romeine 8 skryf verwys hy na twee geestelike wette. Die wet van die Gees en die wet van die sonde en die dood. Die wet van die

¹¹⁰ Hand.2

¹¹¹ Joel 2

¹¹² Luk. 24:49 AOV

¹¹³ Hand. 1:8

¹¹⁴ Rom. 8:1-2 AOV

sonde neem ons in gevangenskap.¹¹⁵ So ek kan nie meer doen wat ek wil nie, ek is aan 'n mag oorgegee.¹¹⁶ Ek is in boeie op pad na 'n seker bestemming, die dood.¹¹⁷ En dan is daar die wet van die Gees wat soos Paulus sê ons vrymaak van die wet van sonde en die dood. Kom ek verduidelik dit deur 'n illustrasie. As ek 'n boek neem en dit laat val dan trek die wet van swaartekrag dit af aarde toe. Maar as my hand dit vashou word dit gekeer om aarde toe te val want daar is 'n ander wet wat deur my hand werk, dit is die wet van suspensie wat die swaartekragwet oorwin. Die een wet vervang die ander. In die gelowige is die wet van die Gees van die lewe, die beherende krag van die Heilige Gees wat lewensgewend is en sterker is as die krag van die sonde wat uiteindelik die dood bring.

Wanneer ontvang ek Hom?

- Ek ontvang die teenwoordigheid van die Heilige Gees by wedergeboorte en bekering: "...in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte."¹¹⁸
- Ek ontvang die vervulling van die Heilige Gees wanneer ek vra. "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"¹¹⁹

¹¹⁵ Rom.7:23

¹¹⁶ Rom.7:17-20

¹¹⁷ Rom. 6:23

¹¹⁸ Ef. 1:13 AOV

¹¹⁹ Luk. 11:13 AOV

Die Heilige Gees bring God se krag, gawes en vrug na elke gelowige se lewe. Ek gaan eerstens die vervulling van die Heilige Gees bespreek, daarna gaan ek vlugtig die gawes en die vrug van die Gees bespreek.

a.Die vervulling met die Heilige Gees

Die doping of vervulling met die Heilige Gees is 'n baie belangrike ervaring wat reeds met die eerste Christene gebeur het in Handeling 2, as die vervulling van die belofte van Jesus, dat Hy die Heilige Gees na die aarde toe sal stuur om die lewens van gelowiges te vervul.¹²⁰ Mense mis die ervaring omdat hulle dink dit was net bedoel vir die eerste Christene, maar die waarheid was, dat waar mense ook al tot bekering gekom en gedoop is, het hulle die vervulling van die Heilige Gees deelagtig geraak.¹²¹ Dit is daarom belangrik dat jy sal verstaan wíe die Heilige Gees is, wat die vervulling met die Heilige Gees is en hoe jy Hom kan ontvang.

Wat is die vervulling met die Heilige Gees?

Daar word ook gepraat van die uitstorting van die Gees, doping met die Heilige Gees en die doop met vuur. Dit is 'n ervaring ná die wedergeboorte in Christus waartydens jy met die krag en volheid van die Heilige Gees vervul word. Dit stel jou in staat om nader aan Christus te groei en te dien volgens jou gawes. Daar is 'n groot verskil tussen die teenwoordigheid van die Heilige Gees weens wedergeboorte en die vervulling van die Heilige Gees. Wanneer ons dit vergelykend bestudeer kom ons die verskil agter.

Inwoning/teenwoordigheid van die Heilige Gees

Dit Johannes 3:5-8; Johannes 14:17-18; 2 Timoteus 1:14; 1 Johannes 2:18-27; 1 Johannes 4:13.

¹²⁰ Joh.14:26, Hand. 1:8

¹²¹ Hand. 2:36-38, Hand. 8:15-17, Hand. 10:44, Hand. 19

Die vervulling met die Heilige Gees

Matteus 3:11-12; Lukas 11:13; Lukas 24:49; Markus 16:17; Johannes 7:37-39; Handeling 1:4, 8; Handeling 2:1-4, 38; Handeling 4:29-31; Handeling 10:44-47; Handeling 19:6-8; Efesiërs 5:18

Hoekom is die Heilige Gees noodsaaklik in ons lewens?

- Die Heilige Gees bring 'n innerlike bevestiging van my kindskap van God.

“... julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.”¹²²

Hoekom is die vervulling met die Heilige Gees noodsaaklik?

- Die Heilige Gees laat my reeds nou iets ervaar van wat in die toekoms op my wag.

“By his Spirit he has stamped us with his eternal pledge a sure beginning of what he is destined to complete.”¹²³

- Die Heilige Gees versterk my swakhede.

“En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.”¹²⁴

- Die Heilige Gees bekragt my om getuie te wees.

¹²² Rom. 8:15b-16 AOV

¹²³ 2 Cor. 1:22 MSG

¹²⁴ Rom. 8:26-27 AOV

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”¹²⁵

- Die Heilige Gees help my om my gawe te vind.

“Namate elkeen van julle ’n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.”¹²⁶

- Die Heilige Gees help my in my verhouding met Christus.

“... maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”¹²⁷

Die Heilige Gees het verskeie ander belangrike take

- Die Heilige Gees bring troos en ondersteuning.¹²⁸
- Die Heilige Gees is die leraar.¹²⁹
- Die Heilige Gees oortuig ons van sonde.¹³⁰
- Die Heilige Gees bring insig en begrip om te verstaan.¹³¹
- Die Heilige Gees lei na waarheid.¹³²
- Die Heilige Gees openbaar God se wil.¹³³
- Die Heilige Gees roep tot diens.¹³⁴

¹²⁵ Hand. 1:8 AOV

¹²⁶ 1 Pet. 4:10 AOV

¹²⁷ Joh. 14:26 AOV

¹²⁸ Joh 14:16,17

¹²⁹ Joh 14:26

¹³⁰ Rom. 8:8-9

¹³¹ 1 Kor 2:14

¹³² Joh. 16:13 3.

¹³³ 1 Kor. 2:12 8.

¹³⁴ Hand. 13:2-3 9. 10.

- Die Heilige Gees openbaar die toekoms.¹³⁵
- Die Heilige Gees herinner ons aan alles wat Jesus geleer het.¹³⁶

Hoe ontvang ek die vervulling met die Heilige Gees?

- Ek moet die Woord bestudeer en glo wat die Woord sê oor die vervulling met die Gees.

“As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.”¹³⁷

“... en daar het hy sommige dissipels gevind en hulle gevra; Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar ’n Heilige Gees is nie.”¹³⁸

- Ek ontvang die vervulling met die Heilige Gees eers na wedergeboorte.

“Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.”¹³⁹

- Ek moet vra daarvoor.

“En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. En watter vader onder julle sal as sy seun brood vra, vir hom ’n klip gee; of ’n vis, in plaas van ’n vis ’n slang gee; of ook as hy ’n eier vra, hom ’n skerpioen gee? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die

¹³⁵ Joh. 16:13

¹³⁶ Joh. 14:26

¹³⁷ Joh. 14:23 AOV

¹³⁸ Hand. 19:1b-2 AOV

¹³⁹ Hand. 2:38 AOV

Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.”¹⁴⁰

- Ek moet volhardend daarop wag en dit begeer.

“Kyk ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.”¹⁴¹

“Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking ... En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar...”¹⁴²

- Ek ontvang dit deur handoplegging.

“En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het in tale gespreek en geprofeteer.”¹⁴³

Daar is vir sommige mense struikelblokke tot die doping in die Heilige Gees. Die struikelblokke kan omskryf word in die volgende sleutelterme:

Teologie:	Ek glo nie dis meer vir vandag nie.
Ongeloof:	Ek dink nie dis vir my nie.
Vrees:	Ek is bang vir wat gaan gebeur, dalk is dit nie van die Here af nie.
Verkeerde verwagtings:	Ek verwag ek gaan omval en nou gebeur dit nie.

Jesus het ’n belofte gemaak dat ons nie alleen gelaat sou word nie, en daarom het Hy aan ons Sy Gees gestuur as ons helper.¹⁴⁴ Daar is dus twee werkinge van die Heilige Gees in die gees van die mens. Die eerste

¹⁴⁰ Luk.11:9-13 AOV

¹⁴¹ Luk. 24:49 AOV

¹⁴² Hand. 1;14 & 2:1 AOV

¹⁴³ Hand. 19:6 AOV

¹⁴⁴ Joh. 14:16-17

is wedergeboorte vanuit die Heilige Gees en die tweede is die doping of vervulling met die Heilige Gees. Deur die twee ervarings is ek verbonde aan Christus en vervul met Sy Gees.

b. Die vrug van die Heilige Gees.

Wanneer die Heilige Gees werksaam in 'n persoon is, kan ons net verwag dat die persoon se lewe ingrypend gaan verander. Die mens se lewe bring dan spreekwoordelik vrug voort. Dit is die vrug waarvan Jesus gepraat het in Johannes 15: "Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees."¹⁴⁵

Paulus maak 'n lys van die vrugte van die Heilige Gees in Galasiërs 5:22: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."

Die vrugte van die Heilige Gees openbaar die karakter van God in die Christen se lewe sodat die wêreld kan sien dat jy aan Christus behoort. In hierdie lys kom daar nege vrugte voor en is die lys waarskynlik nie omvattend nie. Wanneer God se Gees in jou lewe 'n werklikheid is, is daar baie meer vrugte wat kan voortspruit. Daarom is dit van groot belang dat gelowiges sal werk daaraan om in Christus te bly en aan die vrug wat hulle moet voortbring.

c. Die Gawes van die Heilige Gees.

Die gawes van die Heilige Gees (of charismata) is spesiale gawes wat gegee word deur die Heilige Gees wat dit vir ons moontlik maak om by God se groot opdrag en sending na die wêreld aan te sluit.

¹⁴⁵ Joh 15:8, AOV

Die gawes word hoofsaaklik beskrywe in die Nuwe Testament in 1 Korintiërs 12, Romeine 12, Efesiërs 4 en 1 Peter 4:10-19. Die gawes kom ooreen met natuurlike vermoëns maar is uiteindelik 'n bonatuurlike vermoë in die lewe van die gelowige.

Soos reeds in die vorige lesing bespreek is, verskil die geestelike gawes met geestelike vrugte. Een van die sterk onderskeidende kenmerke is dat die vrugte van die Heilige Gees te doen het met 'n gelowige se eie persoonlike pad van groei, verbetering of heiliging terwyl die gawes se fokus die bediening van ander mense is.

Rom.12:6-8	1 Kor. 12:8-10	1 Kor. 12:28	Ef. 4:11	1 Pet. 4:11
Profesie	Wysheid	Apostel	Apostel	Praat
Dien	Kennis	Profeet	Profeet	Dien
Lering	Genesing	Leraar	Evangelis	
Aanmoediging	Wonderwerke	Wonderwerke	Leraar	
Gee	Profesië	Genesing		
Leierskap	Onderskeiding	Administrasie		
Barmhartigheid	Tale	Leierskap		
	Uitleg	Tale		

Die gee en gebruik van die gawes was deur die profeet Joel voorspel¹⁴⁶ en deur Jesus belowe aan die wat tot geloof gekom het.¹⁴⁷ Die woord in 1 Korintiërs 12:1 wat gebruik word om die geestesgawes te beskrywe is die woord “pneumatikos” wat verwys na die bonatuurlike werking van die Gees. Die woord vir gawe wat Paulus in vers 4 gebruik is “charisma” en spreek van genade. Dit is waar die term genade gawes vandaan kom. Die gawes van die Heilige Gees is dus bonatuurlike gawes van die Heilige Gees wat God aan individue gee tot opbouing van die koninkryk van God.

¹⁴⁶ Joel 2:28

¹⁴⁷ Mark. 16:17,18

Deur die geestelike gawes openbaar die gelowige die krag van God. Paulus is baie duidelik daarvoor dat gelowiges die gawes moet begeer deur daarvoor te bid en dit te soek: “Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer.”¹⁴⁸

5.Om in die Woord te bly

Die Bybel en gebed is belangrike elemente van my geestelike groeiproses. Hierdie is twee belangrike dissiplines of gewoontes wat gelowiges gereeld moet beoefen. Eerstens gaan ek infokus op die Woord. Volgens Paulus is: “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om ons te leer wat waar is en om ons te laat besef wat verkeerd is in ons lewe. Dit rig ons reg en kweek die regte lewenstyl. Dit is God se manier om ons voor te berei, ten volle toegerus vir elke goeie werk wat Hy wil hê ons moet doen.”¹⁴⁹ Die Bybel het woorde wat lewe gee en jou geloof bou. Wanneer jy egter God se woord verwaarloos en nie tyd daarin spandeer nie gaan jy geestelik agteruit. Kweek die gewoonte aan om tyd met Sy Woord te bestee. Dietrich Bonhoeffer vat dit mooi raak: “Die misleiding van die duiwel en sy leuen wat hy hoop die mens glo, is dat die mens sonder God se woord kan lewe”.

Hoekom moet ons tyd in die woord spandeer?

- **Want dit gee aan ons insig of wysheid.**

Waar kry ons die wysheid wat jy nodig het? Ons het nie dié wysheid wat ons nodig het om suksesvol te wees nie. God het dit so beskik dat ons die wysheid en insig wat ons nodig het bymekaar moet maak op die pad.

¹⁴⁸ 1Kor. 14:1, AOV

¹⁴⁹ 2 Tim. 3:16-17 NLV

“Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is.”¹⁵⁰ God plaas die Bybel in ons hande wat die samestelling is van 66 boeke, geskrywe deur meer as 40 skrywers oor die 1800 jaar met meer as 6000 jaar se wysheid: “Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.”¹⁵¹ Die Bybel gee ons wysheid sodat ons uiteindelik ’n voorsprong het op ons vyande: “U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig.”¹⁵²

- **Verander my ingesteldheid.**

Daar is iets fout met mense en dit is hulle ingesteldheid. Die oomblik as daar fout is met jou ingesteldheid, word jou lewe negatief beïnvloed en word jou lewe beheer deur jou omstandighede. ’n Stewige geestelike lewe is die gevolg van ’n verhouding met God se woord en veroorsaak ’n rotsvaste ingesteldheid: “Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.”¹⁵³

“Die mens sonder ’n innerlike lewe is die slaaf van sy omgewing” Henri Frederic Amiel (Switserse Filosoof)

- **Veroorsaak impak.**

Het jy al daaraan gedink dat sukses in die lewe nie net te doen het met harde werk nie, maar om die regte dinge te doen! Ons worstel so hard om dinge reg te doen. Jy klim teen die leer van sukses op met sweet en determinasie en kom spreekwoordelik agter dat jou leer teen die verkeerde muur staan. Die lewendgewende beginsel is dat God se seën ons ryk en voorspoedig maak (Spr.10:22), God se voorsiening gee sukses. Moenie net probeer om dinge in jou lewe reg te doen nie maar

¹⁵⁰ Psalm 119:130 ANT

¹⁵¹ Rom. 15:4 AOV

¹⁵² Psalm 119:98 AOV

¹⁵³ Psalm 119:11 AOV

om die regte dinge te doen. Die een ding wat jy kan doen wat sukses verseker is om jouself op die plek te plaas waar jy die woord van God kan hoor: “Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.”¹⁵⁴

- **Is God se inspraak in my lewe.**

Wanneer ek die woord lees begin God met my te praat en word dit God se inspraak in my lewe. Wanneer ek die Woord lees openbaar God die toekoms aan my en bring die Heilige Gees verligting op my lewenspad.¹⁵⁵ Daardeur lei God my: “U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad.”¹⁵⁶ Daardeur sal ek geluk en vrede vind: “Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie ’n vergeetagtige hoorder is nie, maar ’n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.”¹⁵⁷

Vir baie mense is dit moeilik om te weet waar om te begin. Hier is ses prominente maniere om tyd met die Woord te spandeer:

- a. Hoor die Woord.

“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.”¹⁵⁸

Hoe hoor ek die Woord

- Prediking.
- Lees die woord.
- Doen studie van die word.

¹⁵⁴Luk. 10:41-42 AOV

¹⁵⁵ Amos 3:7

¹⁵⁶ Psalm 119:105 AOV

¹⁵⁷ Jak. 1:25 AOV

¹⁵⁸ Rom. 10:17 AOV

- Luister na die woord op, Radio, Televisie Cd, Mp3.

Daar is natuurlik 'n probleem daarin om net die woord te hoor. Na 72 uur vergeet ons 95% van wat ons gehoor het. Dit is belangrik dat ek beter sal hoor. Hoe kan ek beter hoor?

- Wees gretig om te hoor.

“Verlang sterk soos pasgebore babas na die onvervalste melk van die Woord.”¹⁵⁹

- Neem notas van dit wat jy hoor.

“Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie.”¹⁶⁰

- Tree op as jy iets gehoor het.

“Moenie net 'n hoorder wees van die Woord nie, maar 'n dader.”¹⁶¹

“Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.”¹⁶²

“Happy is the one who reads this book and obeys what's written in it.”¹⁶³

b. Lees die Woord.

“Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te

¹⁵⁹ 1 Pet. 2:2 AOV

¹⁶⁰ Heb. 2:1 AOV

¹⁶¹ Jak. 1:2 AOV

¹⁶² Open. 1:3 AOV

¹⁶³ Rev. 1:3 GNB

wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe.”¹⁶⁴

’n Paar voorstelle om die Woord sinvol te lees:

- Lees dit sistematies
- Lees verskillende vertalings.
- Lees dit hardop vir jouself.
- Onderstreep en maak aantekeninge.
- Kies ’n leesplan. As jy 10-15 minute per dag lees, kan jy die Bybel in ’n jaar deurlees.

c. Bestudeer die Woord.

Die verskil tussen lees en studie is dat jy gebruik maak van ’n pen wanneer jy studeer. Die geheim van effektiewe Bybelstudie is om die regte vrae te vra, naamlik: Wie? Wat? Wanneer? Waar? Waarom? Hoe? Doen moeite om by ’n woordskool in te skakel en meer van die Bybel te leer. Maak gebruik van kommentare wat jy gratis kan aflaai van E-Sword (sien die skakel op Collage se webwerf).

“Hulle het elke dag die skrifte ondersoek.”¹⁶⁵

d. Mediteer die Woord.

Meditasie is om te “herkou”. Dit is letterlik wat die woord in Hebreeus beteken, om alles wat jy kan, uit te haal. Hoekom moet ons oor die skrifte mediteer?

¹⁶⁴ Deut. 17:19 ANV

¹⁶⁵ Hand. 17:11 AOV

“...maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.”¹⁶⁶

- Dit is ’n sleutel om soos Christus te word

“Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word.”¹⁶⁷

“En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.”¹⁶⁸

- Dit is die sleutel tot ’n gebed wat beantwoord word.

“As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.”¹⁶⁹

- Dit is die sleutel tot suksesvolle lewe.

“Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; Maar bepeins dit dag en nag, alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.”¹⁷⁰

Voorstelle om meditasie te beoefen:

- Visualiseer – sien dit voor jou.
- Sê dit vir jouself deur elke keer ’n ander woord te beklemtoon.
- Parafraseer dit – skryf dit in jou eie woorde.
- Personifiseer dit – sit jou eie naam daarin.
- Bid dit.

¹⁶⁶ Psalm 1:2 AOV

¹⁶⁷ 1 Kor. 3:18 AOV

¹⁶⁸ Rom. 12:2 AOV

¹⁶⁹ Joh. 15:7 AOV

¹⁷⁰ Jos. 1:8 AOV

e. Onthou die Woord

Die doel waarom ons die woord moet hoor, lees, bestudeer is om die Woord te onthou. Dit is relatief maklik om die woord te onthou. Die sleutel tot memorisering is konsentrasie en repetisie. Skryf die skrifgedeelte neer wat op jou betrekking het of waaroor die Here met jou gepraat het op 'n papier en plaas dit op 'n plek wat jy gereeld na kyk. Maak die ooreenkoms om elke keer wanneer jy daarna kyk, dit hardop te lees en te bid. Wanneer jy deur hierdie stappe gegaan het, sal jy uitvind dat die teksvers in jou geheue ingeëts is en dat jy dit weer enige tyd kan ophaal. Die beginsel is ons onthou wat vir ons belangrik is.

“Ek sal my verlustig in u insettinge, u woord sal ek nie vergeet nie.”¹⁷¹

f. Doen die Woord

Die belangrikste aspek van om tyd met die woord te spandeer is om uiteindelik die woord te doen. 'n Goeie beginpunt om te probeer uitvind wat ek moet doen is om vrae te vra soos:

- Wat het die gedeelte beteken vir die hoorders?
- Wat is die onderliggende tydlose waarheid?
- Waar of hoe kan ek hierdie beginsel in my lewe toepas? Die meeste van al die beginsels pas in by een van drie verhoudings, naamlik God, ander mense en die wêreld.

'n Mens kan nie sê dat jy 'n goeie verhouding met die Here het, terwyl jy jou verhouding met die Woord van die Here verwaarloos nie. In die skrifverse wat ek hier aangehaal het, maak die Bybel self uitsprake oor

¹⁷¹ Psalm 119:16 AOV

hoe jy moet dink oor die Woord van die Here en hoe jy dit in jou lewe moet toepas. Hierdie skrifte is sleutelverse in jou wandel met die Here. As jy dit herhaaldelik lees en oordink, sal daar in jou hart 'n honger kom om meer tyd met die woord deur te bring. Met tyd sal jy vind dat jy nie net leer wat die beginsels van die Woord is nie, maar dat die Here jou persoonlik begin aanspreek vanuit die Woord. Die Bybel word dan vir jou nie net die woord van God nie, maar die Woord van God aan jou.

6.Om gereeld te bid

“He who has learned to pray, has learned the greatest secret of a happy and holy life.” William Law

Die tweede belangrike dissipline of gewoonte wat elke gelowige moet beoefen is gebed. Gebed is 'n baie belangrike aksie wat veroorsaak dat jy in kontak met God kom en God se grootheid op aarde geopenbaar word. Gebed is vir baie mense iets wat jy doen wanneer jy in die moeilikheid is. Hierdie soort gebed word 'n “skietgebed” genoem en is in wese kragteloos. Ware gebed is 'n leefwyse en 'n voortsetting van ons verhouding met God. Teresa van Avila het gesê: “Gebed is niks anders nie as om 'n vriendskap met God te hê”.

Praktiese stappe om te begin met 'n daaglikse gebedstyd

1. Bid elke dag.

Ons sien dat Jesus vir ons die voorbeeld stel om van gebed 'n goeie gewoonte te maak: “En Hy het vertrek en volgens gewoonte na die Olyfberg gegaan.¹⁷² Probeer om dit 'n gewoonte te maak deur dit elke dag te doen. Gebed word dan daardeur 'n kragtige manier om jou geluk in God te soek en jou hoop en vertroue in die Here te stel volgens Paulus: “Base your happiness and hope in Christ. When

¹⁷² Luk.22:39 AOV

trials come endure them patiently, steadfastly maintaining the habit of prayer.”¹⁷³

2. Bid op 'n sekere tyd, verkieslik vroeg.
Kies 'n tyd waarin jy bid anders gaan dit nooit gebeur nie. Die beste tyd is wanneer jy op jou beste is soos vroegoggend. Daar is belangrike redes hoekom ons vroeg in die oggend kan oorweeg:
 - Ons het 'n klomp voorbeelde in die Bybel naamlik Abraham, Jakob, Moses, Hanna, Job, Esegïel.
 - Dis logies om die dag so te begin.
 - Die beste tyd om 'n instrument in te stel is net voordat jy begin speel. Jy stel jouself as't ware in vir die dag.
 - Dit demonstreer dat jou eerste prioriteit die Here is.
 - Jy's dalk meer ontvanklik en jou verstand is helder en daar is minder onderbrekings.

Wat belangrik is dat watter tyd jy ook al kies, doen dit op 'n konstante basis. 'n Volgende belangrike vraag mag wees, Hoe lank moet my stiltetyd wees?

- Begin met 10 minute en laat dit groei.
- Moenie die horlosie dop hou nie.
- Beklemtoon kwaliteit en nie kwantiteit nie.

3. Bid op 'n spesifieke plek.
Die beginsel is dat jy nie 'n sinvolle gebedstyd kan hê waar 'n klomp goed jou aandag aftrek nie. Jy kan ook nie “multi-task” tydens jou gebedstyd nie. Daar is mense wat beweer dat hulle somer so in die handel en wandel van hulle lewe met God praat. Hierdie is 'n goeie gewoonte maar

¹⁷³ Rom. 12:12 PT

is nie genoegsaam om hart, gedagtes en gees stil te kry voor 'n lewende God wat met my wil praat nie. Ons sien in die voorbeelde en woorde van Jesus 'n plek waar ons bid en God se stem hoor: "Hy het vertrek en het volgens gewoonte na die Olyfberg gegaan en Hy het neergekniel en gebid."¹⁷⁴

"En vroeg in die môre, nog diep in die nag het hy opgestaan en uitgegaan na 'n eensame plek en het daar gebid."¹⁷⁵

"Wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer en sluit jou deur."¹⁷⁶

'n Paar praktiese beginsels:

- Dit moet weg wees van die geluide van die daaglikse lewe soos ander mense, radio, televisie ens.
- Dit moet 'n toe ruimte wees sodat onderbrekings uitgeskakel kan word.
- Probeer om gedissiplineerd te wees. Skakel byvoorbeeld jou selfoon af en weier om die voordeur of huistelefoon te antwoord.
- Probeer om dit op dieselfde plek elke keer te doen sodat jou liggaam en gees maklik af-en-aangeskakel raak die oomblik as jy in jou binnekamer in stap.

4. Bid na bo.

Met ander woorde laat jou gebed op God fokus en nie op jouself nie. Dit is so maklik om oor jouself te bid wat uiteindelik jou perspektief verwring. Daarom moet jy boontoe bid deur God te verheerlik en te prys en ervaar hoe jou gees en gesindheid opgetel word.

¹⁷⁴ Luk. 22:39-41 AOV

¹⁷⁵ Mark. 1:35 AOV

¹⁷⁶ Mat. 6:6 AOV

5. Bid in die geloof.

Bid in geloof en vertrou dat die God waarmee jy praat in staat is om te doen waaroor jy met Hom praat. Hy is 'n goeie en groot God en is in staat tot meer as waaroor jy selfs bid. Geen saak is vir Hom te groot of te klein nie en Hy is in staat om enige iets te doen.

6. Bid na buite

Bid vir die behoeftes van ander mense ook sodat jou gebed nie tot jouself beperk is nie. Bring ander mense voortdurend voor God en jy sal verbaas staan oor wat Hy in hulle lewens doen.

Die duiwel ken en verstaan die effek van gebed daarom sal hy alles doen om dit onmoontlik vir jou te maak om te bid. Jy moet daarom volhard om te bid en beplan om alle struikelblokke te oorkom. Hoe om sekere probleme te oorkom:

- Die probleem van volharding.
As jy in die oggend stiltetyd hou, gaan betyds in die aand bed toe. Staar dadelik op. Wees bewus van die dinge wat jou altyd verhoed om stiltetyd te hou. Gaan slaap met die Woord in jou gedagtes.
- Die probleem van konsentrasie.
Lees en bid hardop. Loop tydens gebed. Hou 'n dagboek.
- Die probleem van seisoene.
Moet nooit jou stiltetyd meet aan jou gevoelens nie. Maak seker dat 'n gebrek aan entoesiasme nie dalk 'n ander oorsaak het nie. Moenie haastig wees tydens stiltetyd nie. Pasop om nie in 'n groef te verval in jou stiltetyd nie.
- Die probleem van ontmoediging.
Moenie bid vir resultate nie maar vir verhouding. Daar is net een ding moeiliker as om met 'n stiltetyd te begin en dis om dit vol te hou.

Indien jy sukkel om te bid volg 'n gebedsplan wat jou help om gefokus te bid. Die 10 Punt gebedsplan stel jou in staat om sinvol, gemotiveerd en omvattend te bid. Die gebedsplan sal jou in staat stel om met gemak 'n uur lank te bid. God se woord is lewend en kragtig en doen waartoe God dit stuur wanneer ons dit bid.¹⁷⁷ Daarom is God se woord deel van die gebedsplan sodat jy die skrif kan bid en ervaar dat God se woord krag het en voorsiening bring. Jy kan die gebedsplan aflaai vanaf Collage se webtuiste (www.collage.org.za).

Sonder 'n sterk gebedsverhouding sal jy nooit 'n dinamiese teenwoordigheid van God in jou lewe ervaar nie. Teresa of Avila die 16 de eeuse gelowige stel dit duidelik: "There is but one road which reaches God and that is prayer; if anyone shows you another, you are being deceived."

7.Om 'n goeie rentmeester te wees

'n Rentmeester is 'n bestuurder oor besittings wat aan hom toevertrou is. Die Griekse woord vir rentmeester¹⁷⁸ is "oikonomos" en beteken toesighouer of agent wat oor 'n huishouding aangestel is. Hierdie toesighouer word vertrou met die besittings van sy heer. Hy het die opdrag om te voorsien in die regte rantsoene/porsies wat elkeen toekom in die huishouding. Hy bestuur dus die huishouding. 'n Rentmeester is dus verantwoordelik vir iemand anders se besittings of eiendom. Die beginsel wat in 1 Kor. 6:19-20 gestel word geld vir ons totale lewe. Alles behoort aan God en jy bestuur dit net.¹⁷⁹

¹⁷⁷ Jes. 55:10-11

¹⁷⁸ Tit.1:7

¹⁷⁹ Deut. 8:17-18

Voorbeelde van 'n rentmeester se rekenskap ten opsigte van bestuurs verantwoordelikhede in die Nuwe Testament:

- “Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaar gemaak het?”¹⁸⁰
- “Toe sê sy baas vir hom: “Jy is 'n slegte en lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie, en pluk waar ek nie geplant het nie?”¹⁸¹
- “Toe sê sy baas vir hom: “Mooi so! Jy is 'n baie goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!”¹⁸²

Jy moet van al die aspekte van jou lewe goeie rentmeesters wees soos, tyd, jou gesin, jou besittings maar veral van jou geld. Geld is 'n dienskneg wat diens moet lewer, nie 'n god wat aanbid moet word nie. Die manier waarop 'n mens jou geld bestuur, hou direk verband met jou “gees openbaring” rondom finansies. Dit verkondig met ander woorde jou karakter. Richard Halverson stel dit duidelik: “Geld is die enigste korrekte indeks van 'n man se karakter”.

Randy Alcorn is van mening soveel as 2350 verse verwys na geld. Jesus het meer oor geld gepraat as oor enige ander onderwerp behalwe die koninkryk van God. Jesus het meer oor geld gepraat as oor die hemel en die hel. Daar is bereken dat ongeveer 15 % van alles wat Jesus gepraat het oor geld gehandel het. Martin Luther, die vader van die Reformasie, het gesê: “Daar is drie bekerings nodig: Die bekering van die verstand, bekering van die hart en die bekering van jou beursie.” Daarom moet ons nie verbaas wees as God belangstel in hoe ons, ons finansies bestuur

¹⁸⁰ Luk. 12:20

¹⁸¹ Matt. 25:26

¹⁸² Matt. 25:21,23

nie. Die gewoonte van goeie rentmeesterskap is 'n oop hemel vir elke gelowige om uitermate seën van God te ontvang.¹⁸³

God nooi sy kinders uit: “...en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaie, of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.”¹⁸⁴

Wanneer jy aan God jou tiende gee, neem jy die eerste stap na goeie rentmeesterskap, maar daar is ook ander logiese redes waarom jy moet gee volgens die Bybel.

- Om te gee maak jou soos God.

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”¹⁸⁵

- Om te gee openbaar liefde.

“Maar soos julle in alles oorvloedig is—in geloof en woord en kennis en alle ywer en in julle liefde vir ons—sorg dat julle ook in hierdie liefdedsaad oorvloedig is.”¹⁸⁶

- Om te gee wys waar jou hart eintlik lê.

“... want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.”¹⁸⁷

- Gee oorwin hoogmoed.

“Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig,

¹⁸³ Mal. 3:10

¹⁸⁴ Mal.3:10 AOV

¹⁸⁵ Joh. 3:16 AOV

¹⁸⁶ 2 Kor. 8:7 AOV

¹⁸⁷ Mat. 6:21 AOV

mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf.”¹⁸⁸

- Gee maak dat jy op die Here vertrou.

“Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.”¹⁸⁹

“Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.”¹⁹⁰

- Gee vergader vir jou 'n skat vir die toekoms.

“...dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf.”¹⁹¹

- Gee plaas jou in 'n posisie om geseën te word.

“Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf.”¹⁹²

“Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.”¹⁹³

- Gee maak jou gelukkig.

“Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die

¹⁸⁸ 1 Tim. 6:17-19 AOV

¹⁸⁹ Spr. 3:5 AOV

¹⁹⁰ Luk. 6:38 AOV

¹⁹¹ 1 Tim. 6:18-19 AOV

¹⁹² Spr. 11:35

¹⁹³ Luk. 6:38 AOV

Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."¹⁹⁴

Ons mag nie net die uiterlike aksie van gee beoefen sonder die regte innerlike gesindheid nie.

Gee daarom met die regte gesindheid

- Gee gewillig.

“Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem...”¹⁹⁵

- Gee met blydschap.

“... want God het 'n blymoedige gewer lief.”¹⁹⁶

- Gee vrygewig.

“Want hulle was na vermoë—ek betuig dit—ja, bo vermoë gewillig.”¹⁹⁷

- Gee met verwagting.

“Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.”¹⁹⁸

Wat leer die Bybel oor die gee van tiendes?

Daar is mense wat die valse leerstelling verkondig dat die gee van tiendes 'n Ou Testamentiese leerstelling is. Die gee van tiendes is 'n Bybelse beginsel wat ons so vroeg soos in Genesis 14:18 sien en reg deur die Ou en Nuwe Testament voorkom. Verseker gee ons wat in die Nuwe Testamentiese bedeling leef, nie meer gedwonge onder die wet nie, maar onder die wet van die Gees wat die besnydenis van die hart is. Dit is dus jou hartsbegeerte om te gee soos wat God begeer om te gee, nie

¹⁹⁴ Hand. 20:35 AOV

¹⁹⁵ 2 Kor. 9:7 AOV

¹⁹⁶ 2 Kor. 9:7 AOV

¹⁹⁷ 2 Kor. 8:3 AOV

¹⁹⁸ 2 Kor. 9:6 AOV

gedwonge nie, maar vanuit liefde gedring. 'n Belangrike vraag is, wat is 'n tiende? 'n Tiende is 10% van my inkomste. Wat is die verskil tussen 'n tiende en 'n offerande? Om 'n tiende te gee is om 10% van jou inkomste te gee. Om 'n offerande te gee, is enigiets wat jy gee bo en behalwe jou tiende.

Waarom moet jy 'n tiende gee?

- Die Vader beveel dit.

"A tenth of the land's produce, whether grain from the ground or fruit from the trees, is GOD's. It is holy to GOD."¹⁹⁹

- Jesus beveel dit.

"You give to God one tenth even of the seasoning herbs, such as mint, dill, and cumin, but you neglect to obey the really important teachings of the Law, such as justice and mercy and honesty. These you should practice, without neglecting the others."²⁰⁰

- Die gee van 'n tiende demonstreer dat die Here eerste in jou lewe is.

"Make an offering of ten percent, a tithe, of all the produce which grows in your fields year after year. Bring this into the Presence of GOD, your God, at the place he designates for worship and there eat the tithe from your grain, wine, and oil and the firstborn from your herds and flocks. In this way you will learn to live in deep reverence before GOD, your God, as long as you live."²⁰¹

- Die gee van 'n tiende herinner jou dat alles wat jy het, van die Here kom.

¹⁹⁹ Lev. 27:30 MSG

²⁰⁰ Matt. 23:23 GNB

²⁰¹ Deut. 14:22-23 MSG

“Remember that it is the LORD your God who gives you the power to become rich. He does this because he is still faithful today to the covenant that he made with your ancestors.”²⁰²

- Die gee van ’n tiende gee uitdrukking aan jou dankbaarheid.

“All the men of your nation are to come to worship the LORD three times a year at the one place of worship: at Passover, Harvest Festival, and the Festival of Shelters. Each man is to bring a gift as he is able, in proportion to the blessings that the LORD your God has given him.”²⁰³

- Om nie tiende te gee nie, is om van die Here te steel.

“Julle beroof my en julle sê waarin het ons u beroof? In die tiendes en die offergawes. Bring die hele tiende na my skathuis.”²⁰⁴

- Die gee van ’n tiende gee jou ’n kans om te bewys dat die Here bestaan.

“Beproef my tog hierin sê die Here van die leërskaare of ek nie die vensters van die hemel sal oopmaak en oor julle oorvloedige seën sal uitstort nie.”²⁰⁵ Die woord “beproef” beteken letterlik: “Put Me to a scientific test!” volgens die Message Vertaling.

- Die gee van ’n tiende bewys dat jy die Here regtig liefhet.

“As julle my liefhet, sal julle doen wat ek beveel het.”²⁰⁶

- Die gee van ’n tiende is ’n stap tot finansiële sekuriteit.

“Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaare, of Ek vir

²⁰² Deut. 8:18 GNB

²⁰³ Deut. 16:16-17 GNB

²⁰⁴ Mal. 3:8 AOV

²⁰⁵ Mal. 3:10 AOV

²⁰⁶ Joh. 14:15 AOV

julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.”²⁰⁷

'n Rentmeester gee 'n tiende en offergawe van dit wat God aan hom/haar toevertrou het. 'n Tiende gaan nie oor geld nie, maar oor vertroue. Kan jy God vertrou? Maar meer nog, kan God jou vertrou? Ons roef God nie van geld nie, maar van die geleentheid om ons te seën. Jy moet getrou wees teenoor jou aardse heersers deur belasting te betaal, maar meer nog getrou teenoor jou ware Heerser deur die gee van jou tiendes en offergawes: “En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit? Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.”²⁰⁸ Die geheim lê in die woordjie gee. Deur om God te beroof is jy dwaas, want jy ly self daaronder. God eer jou wanneer jy getrou is!

Die sleutel tot gee

Finansies moet 'n “geesopenbaring” vir jou wees, maw. 'n openbaring oor wat in jou gees aangaan. Wanneer jy doen en gee wat God van jou vra en verwag, breek 'n vars en nuwe dimensie van God se hart vir jou oop.

“En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk. Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. Soos geskrywe is: Hy het uitgestrooi, hy het aan die armes gegee, sy geregtigheid bly tot in ewigheid. En mag Hy wat saad verskaf aan die saaiër, ook brood verskaf om te eet en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem, sodat julle in alles ryk kan word tot

²⁰⁷ Mal. 3:10 AOV

²⁰⁸ Mat. 22:20-21 AOV

alle milddadigheid, wat danksegging aan God deur ons bewerk.”²⁰⁹
“Hulle het hulself eers aan die Here gegee.”²¹⁰

8. Om te lewe in die lig van die oordeel

Volgens die Bybel het die mens twee onvermydelike afsprake naamlik die dood en die oordeel: “En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna kom die oordeel.”²¹¹ Daar is sommige mense wat leer dat God nie sal oordeel of mense na ’n ewige hel toe sal stuur nie. Hierdie standpunt is natuurlik ver verwyder van Bybelse waarheid. Paulus praat byvoorbeeld baie sterk oor die oordeel van God in Romeine 2:1-16. Daar kom ’n dag en tyd wat elke verantwoordelike persoon die oordeel van God sal ondergaan op grond van hulle eie dade en gesindhede en gestraf sal word tot ’n ewige verderf of die ewige lewe sal ontvang.

Die stelling laat drie belangrike vrae dadelik ontstaan.

1. Wie sal geoordeel word?
2. Op watter basis sal hulle geoordeel word?
3. Wat is die gevolge van die oordeel?

Die oordeel van God is ’n prominente lering in die skrif en deel van God se raadsplan. Jesus het op verskeie plekke²¹² verwys na die oordeel, asook die Apostels.²¹³ In die Nuwe Testament verwys verskeie skrywers daarna soos onder andere die skrywer van die Hebreër boek: “En net

²⁰⁹ 2 Kor. 9:6-11 AOV

²¹⁰ 2 Kor. 8:5 ANV

²¹¹ Heb. 9:27

²¹² Mt. 10:14,15; Luk.12:4, 5

²¹³ Hand. 17:31

soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel.”²¹⁴

Wie sal geoordeel word?

Paulus maak dit duidelik in Romeine 2 dat almal geoordeel sal word: “Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as ’n skat in die dag van die toorn...”²¹⁵ Die rede is dus omdat die mens God se reddingsplan verwerp het, deur Jesus nie te aanvaar nie: “Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.”²¹⁶ Paulus maak dit verder ook duidelik dat selfs die mense wat nog nie van Christus gehoor het nie, nie onskuldig staan nie weens die openbaring van God self deur die natuur: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie, omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.”²¹⁷ Daar is genoeg kennis van God deur sy openbaring in die natuur dat geen mens ’n geldige verskoning kan hê nie.

Op watter basis sal die oordeel van God geskied?

Paulus maak dit duidelik in Romeine: “...wat elkeen sal vergeld na sy werke”.²¹⁸ Hy maak dit in Romeine 2 in verse 8-10 duidelik dat dit gaan oor gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid, goed of sleg, goed of

²¹⁴ Heb. 9:27

²¹⁵ Rom. 2:5-6

²¹⁶ Joh. 3:18

²¹⁷ Rom. 1:20-21

²¹⁸ Rom. 2:6

boosheid. Die skrifgedeelte maak dit baie duidelik dat alle mense se werke geoordeel sal word, al is hulle Christene. Alhoewel God hulle red, nie op grond van hulle werke nie, maar genade alleen, kom dit ook onder oordeel.²¹⁹ Hier moet die gelowige duidelik versigtig wees. Alhoewel ons deur genade gered word, is daar werke wat ons diskwalifiseer vir die koninkryk van God.²²⁰ Jesus was ook duidelik daarvoor dat gehoorsaamheid aan Hom beteken geregtigheid. Dink net byvoorbeeld aan die implikasies van sy woorde wanneer hy sy dissipels leer bid: “Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.”²²¹ Een van die belangrike aspekte in die oordeel gaan dan wees; wat het ons gemaak met Jesus se woorde!

’n Belangrike punt om te maak is dat daar twee verskillende oordele gaan wees. Christene word geoordeel by die regterstoel van Christus.²²² Die oordeel bepaal nie saligheid nie, wat deur geloof alleen is.²²³ Ons posisie is in Christus wat die fondasie is waarvan Paulus praat in 1 Korintiërs 3:11-15. Dit is die werke wat getoets word en nie ons fondasie in Christus nie. Deur ons verskyning voor die regterstoel van Christus “... sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.”²²⁴

Ongelowiges of mense wat Christus nie aangeneem het nie, sal geoordeel word by die Wit Troon oordeel.²²⁵ Hierdie oordeel bepaal nie saligheid nie, maar is op grond van die persoon se eie keuse wat God se weg tot saligheid verwerp het en nou voor God staan op grond van sy

²¹⁹ Tit. 3:5; 1 Kor.3:12-15

²²⁰ Gal. 5:19-21; 1 Kor. 6:9, 10; Ef. 5:5

²²¹ Mat 6:14-15; Mat. 12:34-37

²²² Rom. 14:10-12

²²³ Ef. 2:8-9

²²⁴ Rom. 14:12

²²⁵ Open. 20:11-15

werke alleen: “En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en ’n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.”²²⁶

Wat is die gevolge van die oordeel?

Wat is die gevolg vir die mense wat geoordeel word? Paulus antwoord die vraag in Romeine 2:7-9. Vir die gelowige wat in gehoorsaamheid aan God gelewe het die “...die ewige lewe”²²⁷ en aan die wat Jesus verwerp en in ongehoorsaamheid lewe “...grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen...”²²⁸

Die gevolge is die ewige lewe of die ewige hel. Paulus praat van die wat nie die evangelie gehoorsaam nie en sê: “Hulle sal as straf ondergaan ’n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlijkheid van sy sterkte.”²²⁹

9.Om te strewe na die opstanding

Een van die belangrikste boodskappe in die Nuwe Testament is dat Jesus Christus uit die dood uit opgestaan het, wat Hom verklaar as die Messias²³⁰, wat ’n belofte inhou ten opsigte van ons eie opstanding²³¹ en ’n implikasie het vir ons lewe nou.²³² Uiteindelik is die opstanding van Jesus die grondslag en ’n bron van hoop vir elke gelowige.²³³ Paulus som

²²⁶ Open. 20:12

²²⁷ Rom. 2:7

²²⁸ Rom 2:8-9

²²⁹ 2Thes. 1:9

²³⁰ Rom.1:4

²³¹ Open.20:6

²³² Rom.6:4

²³³ 1 Pet.1:3

die goeie nuus van die Evangelie op in 1 Korintiërs 15:3-4: “Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte.”

Die goeie nuus van die Evangelie van Jesus Christus bestaan uit drie aspekte:

- Jesus het gesterwe.
- Jesus is begrawe.
- Jesus het opgestaan uit die dood.

Historici is eens oor twee dinge; dat Jesus gelewe het en gekruisig is. Hierdie twee feite maak sy lewe nie uniek nie, maar die feit dat sy graf leeg is, verander die prentjie aansienlik. Hierdie waarheid dat Jesus Christus se graf leeg is omdat Hy opgestaan het uit die dood en die mag van die dood en die doderyk verbreek het, het die evangelieboodskap met energie deur die wêreld gestuur. Alhoewel sommige mense tot vandag toe die gebeurtenis van die opstanding probeer ontken, is dit absoluut geloofwaardig. Die Romeine en Jode moes net die liggaam van Jesus aan die wêreld wys om die geloof van die Christene te vernietig want Paulus maak dit baie duidelik dat “...as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof.”²³⁴

Wat is die uitkoms van Jesus se opstanding:

- Jesus is waarlik die Messias en dit beteken dat daar is nou met jou sonde gedeel en jy is nou regverdig.²³⁵
- Jy lewe nou in die krag van die opstanding wat aan jou ’n nuwe lewe verseker.²³⁶

²³⁴ 1 Kor. 15:14

²³⁵ 1 Kor. 15:17

²³⁶ Rom.6:4

- Jy het 'n lewende hoop deurdat jy ook nou 'n verwagting het vir die opstanding.²³⁷

Die opstanding van Jesus maak sy woorde werklik en waar in jou lewe “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?”²³⁸ Die belofte maak dat jou vrees vir die dood verslind word en die engel van die dood verwyder word en jy nou kan uitsien na jou eie opstanding uit die dood.

10.Om handoplegging te beoefen

In Hebreërs 6:1-3 lees ons van die leer van handoplegging wat 'n primêre geestelike waarheid is. In sommige kerke word die leer misken of vermy wees misbruik daarvan. In die Ou Testament was dit 'n gebruik om op mense hande te lê om hulle daardeur te seën of met die oog op spesiale salwing deur die Here soos in die geval toe Jakob, Josef se twee seuns geseën het.²³⁹ Moses het weer sy hande op Joshua gelê en daardeur sy outoriteit aan hom oorgedra.²⁴⁰ Daardeur is Josua bekragtig om Moses se opvolger te word.

In die Nuwe Testament is daar 5 doele vir die handoplegging

1. Genesing.
2. Sodat 'n persoon die Heilige Gees kan ontvang.
3. Die oordra van geestelike gawes.
4. Om bedienaars van die woord te bevestig en te stuur.
5. Om ouderlinge en diakens te bevestig.

²³⁷ 1 Pet.1:3

²³⁸ Joh. 11:25-:26

²³⁹ Gen. 48:14

²⁴⁰ Num. 27:18-20

Oplegging van hande vir genesing.

Volgens Jesus sal daar vyf wonderwerke plaasvind wanneer die Evangelie verkondig word: “En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.”²⁴¹

Die Here Jesus het deur sy verlossing aan die kruis genesing bewerkstellig vir die siekes. Die Nuwe Testament is baie duidelik daaroor: “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.”²⁴² Wanneer daar vir mense op die manier gebid word sê Jakobus: “En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.”²⁴³

Oplegging van hande om die Heilige Gees te ontvang.

Ons lees van vier geleenthede waar mense die Heilige Gees van Pinkster in Handeling 2 ontvang het:

1. Die Samaritane wat vervul is met die Heilige Gees in Handeling 8.
2. Paulus wat die Heilige Gees ontvang het in Handeling 9:17.
3. Cornelius en sy huisgesin wat vervul is met die Heilige Gees in Handeling 10:44.
4. Die dissipels in Efese in Handeling 19:1-6 wat vervul is met die Heilige Gees.

²⁴¹ Mark. 16:17-18

²⁴² Jak. 5:14

²⁴³ Jak. 5:15

Dit was slegs in Cornelius en sy huis se geval dat mense gedoop was met die Heilige Gees sonder dat hande opgelê was. Cornelius was ook uitsonderlik omdat dit die eerste nie gelowige was waarna God Petrus gestuur het. Dit blyk asof dit die reël was in die Nuwe Testament dat mense vervul was met die Heilige Gees na handoplegging.

Oplegging van hande om die geestelike gawes oor te dra.

Op 'n gereelde basis is handoplegging gebruik om geestelike gawes oor te dra. Een van die kenmerkendste voorbeelde was Timoteus aan wie Paulus skrywe: “Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge.”²⁴⁴ Timoteus het die gawe ontvang wat deur 'n profetiese woord aan hom gegee is deur handoplegging.

Oplegging van hande om bedienaars van die woord te bevestig en te stuur.

Die duidelikste voorbeeld was in Antiochië toe Paulus en Barnabas uitgestuur was: “En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.”²⁴⁵

Oplegging van hande om ouderlinge en diakens te bevestig.

Een van die vroegste geleenthede was toe daar 'n stryd ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. Daar is diakens aangestel om die gemeente te versorg en ons lees in handelinge 6:6 dat hulle aangestel is deur handoplegging.

'n Waarskuwing oor handoplegging.

²⁴⁴ 1Tim. 4:14

²⁴⁵ Hand. 13:3

Die Bybel gee ons 'n waarskuwing ten opsigte van handoplegging: “Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.”²⁴⁶ Daar is drie waarskuwings in die een vers:

1. Moenie haastig hande oplê nie.
2. Moenie deel hê aan ander se sonde nie.
3. Hou jouself rein.

Hier word dit duidelik dat handoplegging nie maar net 'n godsdienstige ritueel is nie, maar het 'n geestelike impak. Daar moet 'n baie sterk geestelike konneksie wees voordat dit kan plaasvind. Dit moet beoefen word in die gesindheid van gebed en nederigheid. Die leiding van die Heilige Gees moet in elke tree gesoek word.

Slot

Wanneer iemand sê “Ja ek volg” het hulle hierdie bogenoemde beginsels deel van hulle lewens gemaak en in Jesus se voetspore gevolg. Hulle het met ander woorde verander en Jesus het dan spreekwoordelik sigbaar in hulle lewens geword. Hulle het dan hulle kruis opgeneem hulleself verloën en Jesus gevolg: “En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red.”²⁴⁷ Jesus het waarskynlik hier bedoel dat wanneer ons die beperkte gebroke bestaan prysgee en sy lewe in ons omhels, ons meer lewe ontvang, daarom ook sy belofte aan sy dissipels van alle eeue wat bereid is om hulle lewens prys te gee: “... daar is niemand... wat nie soveel keer meer in hierdie tyd ontvang nie, en in die bedeling wat kom die ewige lewe.”²⁴⁸

²⁴⁶ 1Tim. 5:22

²⁴⁷ Luk. 9:24

²⁴⁸ Luk. 18:29-30, NLV

Hoofstuk 3 - Die “JA van gaan”

“Aksie kom nie van ’n gedagte af nie, maar van die gereedheid tot verantwoordelikheid.” Dietrich Bonhoeffer

God die Vader het Jesus gestuur! Die verhaal van God se goeie nuus wat die mens se redding moontlik maak het begin deur God die Vader wat sy Seun Jesus uitgestuur het om deur sy kruisdood en die opstanding die mens van sy sonde te red. Jesus het sy lewe gegee in diens van hierdie saak waarvoor God Hom gestuur het sodat Hy selfs op ’n stadium verklaar het dat sy passie om die werk te verrig waarvoor die Vader Hom gestuur het sy honger gestil het. Die wêreld se bestemming is verander omdat Jesus JA gesê het op God se oproep vir iemand om die wêreld van sonde en gebrokenheid te red.

Jesus het net voor Hy met die hemelvaart teruggekeer het sy dissipels en ook alle Christene gestuur na die wêreld toe net soos wat die Vader Hom gestuur het. Jesus het kom doen op aarde waarvoor die Vader Hom gestuur het en het teruggekeer en weer sy posisie ingeneem op die troon langs die Vader. Paulus stel dit duidelik dat selfs die skepping is in afwagting vir die kinders van God om JA te sê, en aan te sluit by God se sending na die wêreld. Wanneer mense ja sê wanneer God hulle roep en met hulle praat verander hul bestemming. Ware verandering begin wanneer mense die JA van verantwoordelikheid gee. Dit is wanneer mense verantwoordelikheid neem vir Jesus se opdrag in Matteus 28:19 en sê ‘Ja Here ek sal gaan!’ dat verandering gebeur. Die sleutel is dat die wêreld net kan verander omdat Christene JA, Here sê!

Jesus is die magtigste persoon wat ooit geleef het op die aangesig van die aarde en dit word duidelik wanneer ons na sy woorde luister: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.”²⁴⁹ Nadat Jesus dit gesê

²⁴⁹ Matteus 28:18

het gee Hy die belangrikste opdrag ooit aan sy dissipels en elke ander Christen. Hierdie opdrag is iets waarvoor ons in die ewigheid verantwoordelik gaan wees en is die sleutel tot ons oorfloed en seën: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”²⁵⁰

Hierdie is ons opdrag met ’n belofte. Jesus belowe aan sy dissipels dat wanneer hulle van mense dissipels maak sal Hy met hulle wees tot aan die voleinding van die wêreld.²⁵¹ Wat ’n kragtige belofte. As God met jou is verander dit jou totale leefwêreld. Jou probleme word oorwin, jy ervaar seën en krag op elke vlak. Hierdie belofte is voorwaardelik aan die eerste ja! Ja, Here ek sal doen wat U vra en verwag! Wanneer jy dit doen maak jouself gereed vir die ingryping en teenwoordigheid van God op ’n ongekende wyse in jou lewe. Jy moet verantwoordelikheid vir die aksie neem. Jou verantwoordelikheid lê nie in jou vermoë nie, maar in jou gewilligheid om te praat of te deel sodat iemand anders tot geloof kan kom deur ’n “Ja Here!”²⁵²

Outoriteit

Wanneer ’n persoon gestuur word deur sy werkgewer of organisasie tree hy op in die outoriteit of naam van die organisasie ten behoeve van die saak. In die Bybel was die patroon dat outoriteit oorgedra word met handoplegging. Ons wil dus op elke mens wat ’n ‘Ja van verantwoordelikheid’ gee, hande oplê en Goddelike gesag hierdeur oordra.

²⁵⁰ Matteus 28:19

²⁵¹ Matteus 28:20

²⁵² Romeine 10:14 “Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?”

Wat is gesag of outoriteit?

Die woord outoriteit kom van die Latynse woord “auctor” af wat beteken, skepper of outeur. Dit verwys na die bron of oorsprong. Die bron of oorsprong van ons outoriteit is dus God.²⁵³ God het die mens geskape om sy beeldraer te wees en namens Hom op aarde te heers.²⁵⁴ Die Griekse woord vir gesag is ‘exousia’ en beteken die wettige reg of gedelegeerde invloed. Dit beteken in wese: Jy kan dit doen. Jy het toestemming en die kapasiteit om dit te doen. Jy word met ander woorde uitgestuur om in God se naam op te tree. Die mens het hierdie outoriteit deur die sondeval verloor. Jesus Christus het egter deur sy versoening aan die kruis en sy opstanding uit die dood die gelowige in sy/haar posisie van outoriteit gerestoureer.

Jesus het persoonlike outoriteit gehad en moduleer vir ons ware outoriteit. Kom ons kyk na ’n paar aspekte van Jesus se outoriteit.

1. Jesus het sy outoriteit verstaan. Hy sê in Johannes 5:26-27 “Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.” Die meeste van Jesus se konfrontasies met godsdienstige leiers het gegaan oor hierdie aspek. Gedurig het hulle Hom gekonfronteer oor wie aan Hom die outoriteit gegee het om te sê wat Hy gesê het en om te doen wat Hy gedoen het. Jesus se bewustheid van die gesag wat die Vader aan Hom gegee het, het veroorsaak dat Hy gepraat het met vrymoedigheid en gesag en nie soos die skrifgeleerdes nie.²⁵⁵
2. Jesus kon doen waarvoor die Vader Hom gestuur het weens sy outoriteit. Jesus verklaar in Johannes 17:2-4: “...soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee

²⁵³ Heb.2:10; Joh.5:26

²⁵⁴ Gen.1:26-27

²⁵⁵ Mat.7:28-29

het, die ewige lewe kan gee.” Jesus was bemagtig om die ewige lewe aan mense te gee deur die Vader en dit was presies wat Hy gedoen het.

3. Jesus was bemagtig om sondes te vergewe: “Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe—sê Hy vir die verlamde man...”²⁵⁶
4. Jesus was bemagtig om van ons kinders van God te maak: “Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo”.²⁵⁷
5. Jesus gee aan sy dissipels mag oor die werke van die duiwel: “Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.”²⁵⁸

Jesus het gepraat en opgetree met gesag, Hy kon lewe gee, wonderwerke doen, sondes vergewe, die duiwels onderwerp en van mense God se kinders maak. Hy verklaar hoe dit alles moontlik is in Matteus 28:18: “En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.” Jesus aan wie alle gesag behoort gee ’n opdrag met outoriteit: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”²⁵⁹ Hy maak daarna ’n aangrypende belofte dat Hy die dissipels is wat uitgaan en die groot opdrag uitvoer tot aan die voleinding van die wêreld.”²⁶⁰ Die belofte impliseer dat waar die dissipels ook al kom en die ‘Ja van verantwoordelikheid’ op hulle neem, Jesus teenwoordig sal wees in elke opsig soos wat Hy in Palestina gedurende sy leeftyd was.

²⁵⁶ Mark. 2:10

²⁵⁷ Joh. 1:12

²⁵⁸ Luk. 10:19

²⁵⁹ Mat.28:19

²⁶⁰ Mat. 28:20

Waarnatoe stuur Jesus jou?

Jesus stuur jou eerstens na jou huis en straat. Dit is die plek waar jy gestuur word om jou gesag uit te oefen. Jou tweede verantwoordelikheid is jou werksplek of skool, Universiteit waar jy jou dag deurbring. Jy moet eerstens jou mag of wettige reg daar manifesteer en daarna vertel en nooi.

Hoe manifesteer jy jou geestelike mag of outoriteit?

1. Eis deur gebed.

- Eerstens deur om met gesag deur jou straat te stap en elke huis en fisiese ruimte op te eis met die belofte: "Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting."²⁶¹ Jy moet ook tyd neem om jou gesag uit oefen by jou plek van werk of studie deur die gebou of terrein vir die Here op te eis en vir sy koninkryk. Stap om die gebou of terrein deur 'n gebedwandeling en eis in die naam van die Here, moenie vra nie, maar eis.
- Deur te bid vir 'n oop deur in een mens se lewe. Hierdie is 'n Bybelse patroon. God het 'n oop deur vir Paulus in Troas gegee.²⁶² Vra die Here met wie jy die goeie nuus van wie Jesus is, kan deel. Begin om te bid vir 'n oop deur in daardie persoon se lewe.

2. Praat met dié een persoon oor Jesus.

- Een van die mooiste verhale in die Nuwe Testament, en waarskynlik die eerste persoon wat Jesus begin volg het. Hy was

²⁶¹ Psalm 2:8, AFR53

²⁶² 2 Kor.2:12

die broer van Petrus en het hom begin vertel van Jesus en het hom fisies na Jesus toe gelei.²⁶³

- Moenie preek nie, maar soek 'n alledaagse aanknopingspunt en 'n opening deur te vertel van wat die Here vir jou gedoen het. Jou fokus is om deur 'n paar "Ja's" die persoon te lei tot op die plek van 'n "Ja van geloof".

3. Fokus op die proses van drie JA's

- God het jou gestuur om 'n dissipel van 'n persoon of persone te maak en hulle te doop, en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy beveel het. Daarom kan ons nie eindig net by 'n 'Ja van geloof' nie, maar hulle leer van die 'Ja van gehoorsaamheid' en hulle uiteindelik te kry dat hulle "Ja" sê, en verantwoordelikheid neem vir die groot opdrag.

Benadering

Dit is jou verantwoordelikheid om die goeie nuus van Jesus aan mense te bring, maar jy moet Jesus se voorbeeld navolg in hoe Hy mense gesoek en gered het. Een van die treffende voorbeelde is die vrou by die put van Jakob in Samaria in Johannes 4. Sommige mense het 'n verkeerde benadering sodat mense eerder afgestoot word van Jesus as om nadergetrek te word. Jesus het egter vir jou 'n voorbeeld nagelaat. Ek gaan nou fokus op Jesus wat 'n vrou by die put van Samaria ontmoet en hoe Hy haar strategies benader het, sodat sy uiteindelik 'n ja gee. Deurdat 'n persoon 'n 'Ja van geloof' gee word hy/sy oorgebring vanuit die koninkryk van die duisternis tot in die koninkryk van God.²⁶⁴

²⁶³ Joh.1:40-42

²⁶⁴ Kol.1:13: "Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde".

- Jesus het sy aardse reis gebruik as ’n geleentheid om deur die vader gestuur te word.

Die Bybel vertel ons dat Jesus oppad was van Jerusalem in Judea na Galilea en moes deur Samaria reis.²⁶⁵ Wanneer jy ’n kaart van Palestina in die tyd van Jesus bestudeer dan kom jy agter dat Jesus die korste roete gevolg het na Galilea. Hierdie was egter nie die algemene roete nie. Die meeste Jode het langs die Jordaan rivier gereis in ’n poging om nie deur Samaria te reis nie om die Samaritane te vermy.

Die les uit Jesus se voorbeeld is eerstens dat jy die mense wat elke dag op jou lewenspad kom moet sien as die mense vir wie jy van Jesus moet vertel. Ons kan so maklik in ’n wêreld leef deur om konneksie met mense om ons te vermy. Ons wil ompaaie neem sodat ons nie nodig het om met ander mense om ons te konnekteer nie. Die tweede belangrike les is dat die beste geleentheid om die boodskap te bring is die plekke waar jy kom. Soms droom ons oor eksotiese of verafgeleë plekke wat ons moet besoek om deur die Here gebruik te word, maar is die plek waar die Here jou eintlik kan gebruik op jou lewensreis elke dag. Dit is egter belangrik om jou fokus reg te kry en jouself te sien, nie net besig om te reis op ’n pad nie maar as gestuur deur God om konneksies op die lewenspad te vorm met die doel om ’n Ja, Here!

- Jesus skep ’n geleentheid deur om ’n guns te vra.

Jesus gebruik sy eie behoefte as ’n aanknopingspunt om met die vrou te praat. “Jesus sê vir haar: Gee vir My water om te drink”.²⁶⁶ Maar tog was Jesus nie gefokus op sy eie behoefte nie. Een van die redes waarom ons mense om ons mis is omdat ons te selfgefokus leef. Jesus kom by ’n put aan moeg en dors. Alhoewel Hy by sy eie behoefte begin is Hy nie selfgefokus nie en wil ’n gesprek met die vrou uitlok om in te fokus op

²⁶⁵ Joh. 4:4

²⁶⁶ Joh. 4:7

haar redding. Wanneer mense jou 'n guns vra is dit deel van die menslike natuur om belangrik en benodig te voel. Hierdie idee dat 'n Joodse man die hulp nodig het van 'n Samaritaanse vrou het die vrou erg vermaak sodat sy vir Jesus gevra het: "Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my water vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is?"²⁶⁷

In die eerste plek was dit ondenkbaar dat Jode en Samaritane met mekaar kommunikeer, omdat hulle mekaar meestal vermy het. Jode was van mening dat Samaritane nie egte Jode is nie en het jare tevore gekeer dat hulle help met die heropbou van die Tempel, wat tot 'n twis gelei het sodat die Samaritane hulle eie tempel gebou het op die berg Gerisim. In die tweede plek was Jesus 'n man en die Samaritaan 'n vrou wat 'n ongewone gebeurtenis was dat 'n Joodse man met 'n Samaritaanse vrou praat. Alhoewel sy vermakerig was, het haar gevoel van prominensie 'n opening geskep in haar lewe, sodat Jesus aan haar die waarheid kon deel.. John C. Maxwell het dit so treffend gestel: "Mense gee nie om wat jy weet nie totdat hulle weet hoeveel jy omgee". Wanneer ons vriende met hulle maak en hulle laat voel dat hulle ons met iets kan help gaan hulle waarskynlik hulle lewens oopmaak sodat ons hulle kan help.

- Jesus benader haar volgens haar eie persoonlikheid sonder om haar te probeer oortuig.

Ons probeer gewoonlik alle mense op dieselfde manier bereik en dit is gewoonlik 'n fatale fout. Elke mens is uniek en moet anders benader word. Jesus het op aarde nie twee persone op dieselfde wyse benader nie. Dit is presies wat Jesus met die vrou doen. Hy doen twee goed wat min mense sal kan weerstaan. Hy bied haar 'n geskenk aan en maak haar nuuskierig: "As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het."²⁶⁸ Sy het na water gesoek en

²⁶⁷ Joh. 4:9

²⁶⁸ Joh. 4:10

nou praat Jesus die metafoer van water om met haar te praat oor lewende water. Jesus doen dieselfde met Nikodemus, wat 'n geleerde is, om aan hom 'n teologiese stelling te maak oor die wedergeboorte.²⁶⁹ Hierdie stelling het Nikodemus in 'n gesprek ingetrek oor die ewige lewe. Jesus maak die vrou nuuskierig oor wie Hy is sodat sy moet begin raai oor wie Hy regtig is, voordat Hy dit aan haar kan bekend maak.

- Jesus maak 'n besluit oor watter vrae en stellings om te antwoord en wat om te vermy.

Baiekeer verloor ons konneksie met mense omdat ons in strydvrae betrokke raak. Jesus ignoreer die vrou se stelling dat Jode en Samaritane nie met mekaar praat nie.²⁷⁰ Sy daag Hom uit om Homself te verdedig of Hy belangriker is as Jakob, wat die put aan die stad gegee het. Sy daag ook sy vermoë uit en koggel Hom dat Hy nie eens 'n skepding het nie, hoe kan Hy vir haar water gee. Hy besluit bewustelik om nie by die kwessies ingetrek te word nie en wag skynbaar op die regte geleentheid. Die vrou bring weer die punt van spanning op tussen die Jode en Samaritane weens die plek van aanbidding en Jesus kies om nou toe te tree.²⁷¹ Ons moet 'n gevoel ontwikkel in die gesprek vir dit wat belangrik is en dit wat die geleentheid gaan ontspoor. Ons moet op die belangrike vrae fokus. In algemene terme deel die vrae gewoonlik met God. Vir Jesus was dit duidelik dat hierdie vrou nie God ken nie, daarom dat sy so worstel met al die gebroke verhoudings in haar lewe: "Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode."²⁷² Jesus het die gesprek geswaai deur om nie te fokus op sake wat irrelevant is nie, maar wat te doen het met haar diepste behoefte om God te ken.

²⁶⁹ Joh.3

²⁷⁰ Joh.4:9

²⁷¹ Joh. 4:20

²⁷² Joh.4:22

- Jesus het gemik vir die oop senuwee wat die persoon beweeg om hulle ware behoefte oop te maak.

Toe die vrou Jesus koggel oor sy vermoë om water uit die put te trek sonder 'n skepding het Jesus haar geantwoord deur te sê: “Gaan roep jou man en kom hier.”²⁷³ Toe sy antwoord dat sy nie 'n man het nie stel Jesus haar bloot deur te sê: “Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie; want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê.”²⁷⁴ Jesus het deur die openbaring van die Heilige Gees die vrou se ware gebrokenheid en behoefte blootgelê. Let wel dat Jesus met haar 'n volledige gesprek het voordat Hy haar ware behoefte aan God blootlê. Hy het letterlik 'n klomp klein “ja's” gekry voordat Hy dieper gaan. Soms neem dit meer as een gesprek voordat jy die konneksie kry waarin 'n persoon hulle lewens oopmaak en hulle hart openbaar.

- Jesus het die waarheid bekend gemaak al het dit seergemaak.

Jesus het haar die waarheid vertel al kon dit aanstootlik voorkom: “Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode.”²⁷⁵ “Saligheid is uit die Jode” was presies wat die Samaritane aanstootlik gevind het weens hulle geskiedenis met die Jode. Jesus het nie verskoning gemaak vir God se plan van saligheid in die wêreld nie, maar het dit met soveel vrymoedigheid aan die vrou voorgedra dat sy Hom geëer het as die Messias en nie verwerp het nie. Om aanvaarbaar en minder afstootlik te wees wil ons soms die waarheid in watter plaas, maar daar kom 'n tyd waar ons waarheid van sonde en wie Christus is met vrymoedigheid moet staaf. Hy het dit ook duidelik gemaak dat ware aanbidding nie van die plek afhang nie, maar van die regte fokus en God wat aanbid moet word.²⁷⁶

²⁷³ Joh. 4:16

²⁷⁴ Joh. 4:18

²⁷⁵ Joh.4:22

²⁷⁶ Joh.4:23

- Jesus was sensitief vir hoe die Heilige Gees werksaam was in die vrou se lewe.

Soms kan gesprekke in 'n redenasie ontaard wanneer gelowiges getuig. Wanneer dit gebeur is dit waarskynlik omdat jy besig is om te oortuig in plaas van om te getuig en te vertel. Dan gaan dit uiteindelik oor wie is die meeste reg oor kerk en geloof. Jesus het egter toegelaat dat die vrou oortuig word in die gesprek deur die Heilige Gees. Dit is uiteindelik die werk van God se Gees om mense te oortuig en nie ons s'n nie. Daar is baie mense wat probeer om die wêreld te oortuig daarvan dat Jesus die redder is. Dit is die Heilige Gees se taak om die wêreld te oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. Jesus het nie die vrou gedruk in 'n hoek in om God in haar lewe te aanvaar nie, maar saam met haar gereis tot op die plek waarin Hy Homself as die Messias bekend gemaak het. Wanneer iemand nie dadelik 'n "Ja Here" gee nie, beteken dit nie dat die persoon nooit 'n ja gaan gee nie. Een so 'n voorbeeld is die verhaal van Filippus wat die goeie nuus met Natánael gedeel het. Hy het getuig en vertel van Jesus.²⁷⁷ Natánael het aanvanklik baie skepties gereageer en gesê: "Kan daar uit Násaret iets goeds wees?"²⁷⁸ Filippus het hom nie probeer oortuig nie, maar dit oorgelaat aan die Heilige Gees en net genooi: "Kom kyk"²⁷⁹ Natánael het op grond van die uitnodiging Jesus ontmoet en uiteindelik tot geloof gekom deurdat hy erken het: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" Filippus het nie opgegee nie maar het gereageer "Kom kyk". Wanneer iemand aanvanklike skepties, ongelowig, negatief of selfs spottend reageer beteken dit nie dat ons moet terugtree, negatief word en dink dit was nie die moeite werd nie. Die strategie is om doodgewoon te vertel en te nooi en die Heilige Gees te vertrou om God se werk in mense se lewens te volbring.

²⁷⁷ Joh.1:45

²⁷⁸ Joh.1:46

²⁷⁹ Joh.1:46

Dietrich Bonhoeffer het ook iets soortgelyk oor Jesus se benadering opgemerk: “Jesus het nie probeer om een van die twee rowers aan die kruis te oortuig nie, Hy het gewag totdat een na Hom toe draai”.

Uiteindelik het die vrou “JA,HERE” gesê nadat Jesus Homself aan haar bekend gemaak het met die gevolg dat baie mense tot inkeer gekom het: “En baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die woord van die vrou wat getuig het: Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.”²⁸⁰ Wanneer ’n persoon die “JA” van geloof gebruik word die mens gered, hulle bestemming verander en word God se krag in hulle lewens ontsluit.

Proses

Die “JA kaartjie” is ’n kragtige stuk gereedskap om ’n persoon te lei om te verstaan wat die “Ja van geloof” behels. Op die agterkant van die kaartjie is die vyf stellings waarvoor die persoon ja sê. Die “Ja, Here” gaan oor geloof! Maar dit is nie ’n ongekwalifiseerde geloof nie. Paulus maak dit duidelik: “As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word”.²⁸¹ Redding kom omdat jy “Ja, sê” op vyf belangrike waarhede met betrekking tot Jesus, dit glo en deel maak van jou bestaan. Geloof in God se liefde, die belydenis dat God nodig is in ons lewe, dat Jesus die redder is, ’n erkenning van die heerskappy van Jesus en die bewustheid dat ons deur wedergeboorte nou aan God se familie, die kerk, behoort.

²⁸⁰ Joh.4:39

²⁸¹ Rom.10:9

Slot

Deur 'n 'JA' inisieer ons nuwe moontlikhede. Dit is die uitdrukking van wil en heerskappy wat jou mag gee oor ons omstandighede en leefwêreld. Uiteindelik vind dit uitdrukking in 'n daad wat 'n uitvloeisel word van ons geloof en gedagtes en aangevuur word deur ons emosies. Dit gee aan ons lewens energie en daardeur word ons bestaan betekenisvol en skeppend. Natuurlik kan ons "JA" sê vir baie dinge in die wêreld en selfs die verkeerde. Enige transformerende "ja" is voorwaardelik daaraan dat dit gerig is op dinge wat regtig saak maak in ons lewens. Die fokus in die boek is nie net 'n gewone en ongedefinieerde "ja" nie. Martha definieer haar "JA" as 'n "Ja, Here". Dit handel oor 'n "ja" vir God met ander woorde 'n "ja" op die roeping, plan en wil van die Here. Wanneer ons "ja" reg gebruik maak ons die oorvloedige seën van die Here in ons lewens los. Jesus belowe aan sy dissipels dat wanneer hulle "ja" sê vir God se roeping, plan en wil, Hy met hulle sal wees tot aan die voleinding van die wêreld: "En weet vir seker: Ek is altyd by julle, tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis."²⁸² Wat 'n kragtige belofte! As God met jou is verander dit jou totale leefwêreld. Jou probleme word oorwin, jy ervaar seën en krag op elke vlak. Hierdie belofte is egter voorwaardelik aan 'n ja! Ja, Here ek sal doen wat U vra en verwag! Wanneer jy dit doen maak jouself gereed vir die ingryping en teenwoordigheid van God op 'n ongekende wyse in jou lewe.

Hierdie boek het jou begelei om JA op 'n transformerende wyse te gebruik. Hierdie drie JA's sal jou hele lewe ingrypend verander wanneer jy dit reg gebruik. Hierdie boek is 'n vernuwende fokus op die groot opdrag en hoe dit op 'n transformerende wyse deel kan wees van ons lewe.

²⁸² Mat. 28:20, NLV

Bronnelys

Anders, M, 2015. Brave New Discipleship: Cultivating Scripture driven Christians in a Culture driven world. (Thomas Nelson: Nashville)

Basson, E, 2010. Die 1,2,3,4 van geloof. Ongepubliseer, (Collage)

Hendrichsen, W, 1988. Disciples are made not born. (David. C. Cook: Colorado Springs)

Munroe, M, 2011. The purpose and power of outhority. (Whitaker: New Kensington)